DIE BELASTING VAN BUITELANDSE DIVIDENDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA.

deur

ELLANé VAN WYK

WERKSTUK

ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

MREK (BELASTING)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

STUDIELEIER : PROF C J VAN SCHALKWYK

April 2003

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

E VAN WYK

3 Februarie 2003

BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Die invoeging van artikel 9E in die Inkomstebelastingwet, No.58 van 1962 (hierna "die Wet") het van krag geword op 23 Februarie 2000.

Die hoofredes vir die invoeging van die artikel in die Wet was onder andere om die belastingbasis te verbreed en om die verblyfbasis van belasting in te faseer. Juis as gevolg van laasgenoemde, word reëls rakende buitelandse dividende in artikel 9E gekombineer met die buitelandse inkomste-reëls van artikel 9D.

Die hoofdoel van hierdie studie is om belasting op buitelandse dividende in die Republiek van Suid Afrika te ondersoek.

Met die invoeging van artikel 9E het daar 'n aantal nuwe terme te voorskyn gekom, wat hul ontleding noodsaak. Hierdie ontleding word moontlik gemaak deur bloot die definisies uit die Wet self weer te gee, asook deur die gebruik van nasionale en internasionale regspraak .

Verdere ondersoek word ook gedoen na die toepaslikheid van artikel 9E op ander artikels in die Wet, relevante teenvermydingsbepalings met betrekking tot buitelandse dividende, die invloed van artikel 9E op beleggingsinkomste uit belastinghawens, met spesifieke verwysing na belegging deur natuurlike persone, die invloed van belasting op buitelandse dividende op die migrasie- en beleggingsbesluite van nie-inwoners, verligting wat beskikbaar is ten opsigte van dubbelbelasting en die verband wat artikel 9E hou met sekondêre belasting op maatskappye. Laastens word die invordering van belasting op buitelandse dividende ondersoek.

TAXATION OF FOREIGN DIVIDENDS IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

The introduction of section 9E in the Income Tax Act, No.58 of 1962 (hereafter "the Act") became effective on 23 February 2000.

The main reasons for the introduction of this was, inter alia, to broaden the tax base and to phase in the residency basis of taxation. Consequently are the foreign dividend rules of section 9E interrelated to the foreign income rules of section 9D, being the application of the residence basis of taxation.

The main objective of this study is to investigate the taxation of foreign dividends in the Republic of South Africa.

The introduction of section 9E saw new terminology introduced, which need analysis. This analysis is made possible by supplying the definitions from the Act, as well as making use of national and international case law.

Further investigation is also done as to the relevance of section 9E to other sections in the Act, relevant anti-avoidance rules regarding foreign dividends, the effect of section 9E on investment income from tax havens, with specific reference to natural persons, the effect of taxation of foreign dividends on the migration- and investment decisions of non-residents, relief provided regarding double taxation and section 9E's effect on secondary taxation on companies. Lastly, the collection of taxation on foreign dividends is investigated.

BEDANKINGS

Hierdie werkstuk is opgedra aan ons geliefde Martin, vir wie ons eendag weer in Hemelse heerlikheid gaan ontmoet.

Ek wil graag my opregte dank betuig teenoor:

- my studieleier, prof CJ van Schalkwyk, vir sy leiding in hierdie studie.

- Alan Seccombe, direkteur van Internasionale Belasting by PriceWaterhouseCoopers vir sy bydraes en kommentaar in hierdie studie.

- My man, Pieter, vir sy volgehoue ondersteuning en geduld.

- My ouers Gottfried en Maritza, my susters Marcelle en Margott, my broer Gottfried, en ook Etienne, Teresa en Willie vir hul volgehoue ondersteuning.

- Die Drie-Enige Almagtige God, aan Wie alles behoort.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 : INLEIDING **1**

1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING 2

2 DIE ONDERWERP EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE 3

3 NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE 4

3.1 Die belasting van buitelandse dividende in die Republiek van Suid Afrika – artikel 9E 4

3.2 Die toepaslikheid van artikel 9E op ander artikels in die Wet 5

3.3 Teenvermydingsbepalings van toepassing op buitelandse Dividende 5

3.4 Die invloed van artikel 9E op beleggingsinkomste uit belasting-toevlugsoorde, met spesifieke verwysing na natuurlike persone 5

3.5 Die invloed van artikel 9E op nie-inwoners, met spesifieke verwysing na migrasie- en beleggingsbesluite 6

3.6 Verligting ten opsigte van dubbele belasting 6

3.7 Die verband tussen belasting op buitelandse dividende en sekondêre belasting op maatskappye 6

3.8 Die invordering van belasting op buitelandse dividende 7

3.9 Samevatting en gevolgtrekking 7

HOOFSTUK 2 : DIE BELASTING VAN BUITELANDSE DIVIDENDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA – ARTIKEL 9E **8**

1 INLEIDING 10

2 ARTIKEL 9E (1) : WOORDOMSKRYWINGS 11

2.1 Buitelandse dividend 11

2.2 Inwoner 12

2.2.1. Natuurlike persone 12

2.2.1.1.Gewoonlike woonagtigheid 12

2.2.1.2.Fisiese teenwoordigheid 13

2.2.2. Regspersone 14

2.3 Kwalifiserende belang 14

2.3.1. Direkte kwalifiserende belang 14

2.3.2. Indirekte kwalifiserende belang 15
2.4 Proporsionele bedrag van die wins 15
2.5 Beheerde maatskappy 16
2.6 Beherende maatskappy 16
2.7 Groep van maatskappye 16
2.8 Vaste kapitaal 16
2.9 Effektiewe datum 16
2.10 Aangewese land 17
3 ARTIKEL9 E(2) tot (9) : TOEPASSINGS 18
3.1 Berekening van bedrag ingesluit in inkomste van inwoner – artikel 9E(3) en artikel 9E(4) 18
3.1.1. Direkte belang 18
3.1.2. Indirekte belang 18
3.1.3. Die deursigtige keuse 19
3.2 Effektetrusts – artikel 9E(5) 20
3.2.1. Maatskappy 20
3.2.2. Effektegroep 21
3.3 Die aftrekbaarheid van rente aangegaan in die voortbrenging van buitelandse dividende – artikel 9E(5A) 22
3.4 Buitelandse belasting en terughoubelasting – artikel 9E(6) 23
3.5 Uitsluitings – artikel 9E(7) 23
3.6 Vereistes vir aangewese lande – artikel 9E(8) 24
3.7 Verdere vrystelling van artikel 9E – artikel 9E(8A) en artikel 9E(8B) 25
3.8 Diskresie van die Kommissaris – artikel 9E(9) 26

HOOFSTUK 3 : DIE TOEPASLIKHEID VAN ARTIKEL 9E OP ANDER ARTIKELS IN DIE WET 27
1 INLEIDING 28
2 ARTIKEL 9D(2) 28
2.1. Houermaatskappy 28
2.2. Buitelandse entiteite 28
2.3. Toeskrywing van inkomste 29
3 ARTIKEL 10(1)(*k*)(i)*(dd)* 30
4 ARTIKEL 10(1)*(i)*(xv) 30

5 ARTIKEL 64C(3) 30

HOOFSTUK 4 : TEENVERMYDINGSBEPALINGS VAN TOEPASSING OP BUITELANDSE DIVIDENDE 32

1 INLEIDING 33

2 ARTIKEL 9E(1) 33

3 ARTIKEL 64C(3) 33

3.1. Verbonde persone 34

3.2. Geagte uitkerings 35

3.3. Vandiehandsetting van 'n belang in 'n buitelandse maatskappy 35

HOOFSTUK 5 : DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP BELEGGINGSINKOMSTE UIT BELASTING-TOEVLUGSOORDE , MET SPESIFIEKE VERWYSING NA NATUURLIKE PERSONE 37

1 INLEIDING 38

1.1. Alternatiewe beleggingsmoontlikhede in belastingtoevlugsoorde 40

2 BELEGGINGSINKOMSTE UIT BELASTINGTOEVLUGSOORDE 41

2.1 Bahamas 41

2.2 Hong Kong 42

2.3 Die Kanaaleilande 43

3 DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP DIE BELEGGINGSBESLUITE VAN SUID-AFRIKAANSE INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA BELEGGING IN BELASTING-TOEVLUGSOORDE DEUR NATUURLIKE PERSONE 44

3.1 Samevatting 46

HOOFSTUK 6 : DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP NIE-INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA MIGRASIE- EN BELEGGINGSBESLUITE 48

1 INLEIDING 48

2 DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP NIE-INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA

	MIGRASIE- EN BELEGGINGSBESLUITE	48
2.1	Samevatting	49
HOOFSTUK 7 : VERLIGTING TEN OPSIGTE VAN DUBBEL-BELASTING		**50**
1	INLEIDING	51
2	DUBBELBELASTINGOOREENKOMSTE	52
3	BUITELANDSE BELASTING KREDIETE – ARTIKEL 6*quat* EN ARTIKEL 9E(6)	53
3.1.	Artikel 9E(6)	53
3.2.	Artikel 6*quat*	54
HOOFSTUK 8 : DIE VERBAND TUSSEN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE EN SEKONDêRE BELASTING OP MAATSKAPPYE		**56**
1	INLEIDING	57
2	ARTIKEL 64B(3)	57
3	ARTIKEL 64C(3)	58
HOOFSTUK 9 : DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE		**59**
1	INLEIDING	60
2	METODES GEBRUIK DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTE-DIENS IN DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE	60
3	DIE SUKSES VAN INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS	61
3.1	Samevatting	62
HOOFSTUK 10 : SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING		**63**
BRONNELYS		**65**

SUID-AFRIKAANSE HOFBESLISSINGS 68

INTERNASIONALE HOFBESLISSINGS 69

BYLAE A 70

BYLAE B 82

BYLAE C 83

BYLAE D 85

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING 2

1.2. DIE ONDERWERP EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE 3

1.3. NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE 4

1.3.1. Die belasting van buitelandse dividende in die Republiek van Suid Afrika – artikel 9E 4

1.3.2. Die toepaslikheid van artikel 9E op ander artikels in die Wet 5

1.3.3. Teenvermydingsbepalings van toepassing op buitelandse dividende 5

1.3.4. Die invloed van artikel 9E op beleggingsinkomste uit belasting-toevlugsoorde, met spesifieke verwysing na natuurlike persone 5

1.3.5. Die invloed van belasting op buitelandse dividende op nie-inwoners, met spesifieke verwysing na migrasie- en beleggingsbesluite 6

1.3.6. Verligting ten opsigte van dubbelbelasting 6

1.3.7. Die verband tussen belasting op buitelandse dividende en sekondêre belasting op maatskappye 6

1.3.8. Die invordering van belasting op buitelandse dividende 7

1.3.9. Samevatting en gevolgtrekking 7

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Die invoeging van artikel 9E in die Inkomstebelastingwet, No.58 van 1962 (hierna "die Wet") het van krag geword op 23 Februarie 2000.

Die hoofredes vir die invoeging van die artikel in die Wet is onder andere om die belastingbasis te verbreed en om die verblyfbasis van belasting in te faseer. Juis as gevolg van laasgenoemde, word reëls rakende buitelandse dividende in artikel 9E gekombineer met die buitelandse inkomste-reëls van artikel 9D.

Die Minister van Finansies het in Maart 2000 in sy Begrotingsoorsig aangedui dat Suid Afrika 'n inwonergebaseerde basis van belasting sou aanneem, dit wil sê die sogenaamde wêreldwye belastingbasis, met effek vanaf jare van aanslag beginnende op of na 1 Januarie 2001. As 'n voorspel tot hierdie nuwe belastingbasis, asook om die effek van belastingvermydingskemas die hoof te bied, het buitelandse dividende belasbaar geword vanaf 23 Februarie 2000 (KPMG, 2000 : 52).

Ingevolge die bepalings van artikel 9E word buitelandse dividende wat direk deur 'n Suid-Afrikaanse inwoner ontvang word, beskou as dividende vanuit 'n Suid-Afrikaanse bron (Arendse et. al., 2001 : 51). Dit beteken hoofsaaklik dat, sodra 'n dividend betaal deur enige maatskappy vanuit nie-Suid-Afrikaanse bedryfs- of beleggingsinkomste, ontvang word deur 'n Suid-Afrikaanse individu wat 'n inwoner is, 'n belastingaanspreeklikheid ontstaan in die hande van daardie inwoner. Indien sodanige dividend ontvang word deur 'n beheerde buitelandse entiteit binne 'n groep van maatskappye wat in Suid Afrika beheer word, sal 'n belastingaanspreeklikheid ontstaan in die hande van die Suid-Afrikaanse inwoner, binne die groep van maatskappye, wat die aandeel in die beheerde buitelandse entiteit hou (Ernst & Young, 2000 : 3).

'n Beheerde buitelandse entiteit beteken enige buitelandse entiteit (nie 'n natuurlike persoon of 'n trust nie) waarin inwoners van die Republiek meer as 50 persent van die deelnemende regte hou, of geregtig is om meer as 50 persent van die stemreg of beheer oor die entiteit uit te oefen. Hierdie aandeelhouding kan regstreeks of onregstreeks wees en die inwoner(s) kan dit afsonderlik of gesamentlik hou (Huxham & Haupt, 2002 : 257).

Die bepalings van artikel 9E is hoogs gekompliseerd en bevat onder andere die volgende : geagte bron-bepalings met betrekking tot buitelandse dividende, definisies van nuwe terme, reëls ten opsigte van die berekening van die bedrag van die buitelandse dividend wat ingesluit moet word in bruto inkomste, vrygestelde buitelandse dividende en teenvermydingbepalings. Ingevolge die bepalings van artikel 9D(2) van die Wet, word 'n gedeelte van buitelandse dividende ontvang deur 'n beheerde buitelandse entiteit, ingesluit in die inkomste van 'n inwoner van die Republiek (Arendse 2001 : 52). Artikel 9D handel oor die belasbaarheid van die buitelandse inkomste van beheerde buitelandse entiteite in die hande van kwalifiserende inwoner-aandeelhouers.

Dit is duidelik dat daar interaksie plaasvind tussen die bepalings van artikel 9E van die Wet en 'n aantal artikels elders in die Wet, naamlik artikel 9D(2), artikel 10(1)(*k*)(i)(*dd*) en 10(1)(i)(*xv*) (vrygestelde inkomste) en artikel 64C(3) (teenvermyding).

1.2. DIE ONDERWERP EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die invoeging van artikel 9E in die Wet het hoofsaaklik ten doel gehad om die eerste stap te wees in die infasering van die inwonergebaseerde belastingbasis in Suid Afrika. Sodoende word 'n mate van eenvormigheid met ander wêreldlande verkry en 'n belastingstelsel daargestel wat internasionaal aanvaarbaar is (KPMG, 2000 : 52)

Hierdie studie het hoofsaaklik ten doel om die relevante terme te definieer, te ontleed en toe te pas en die toepaslikheid van artikel 9E op ander artikels in die Wet te ondersoek. As kern van die studie, word die invloed van artikel 9E

op dividende uit belastingtoevlugsoorde ondersoek asook die invloed daarvan op die beleggingsbesluite van Suid-Afrikaanse inwoners. Hier word spesifiek ondersoek ingestel na die invloed op belegging deur natuurlike persone.

Ondersoek word ingestel na die moontlike invloed van artikel 9E op die migrasie- en beleggingsbesluite van nie-inwoners. Die verband tussen artikel 9E en sekondêre belasting op maatskappye, asook die invordering van belasting op buitelandse dividende word ook ondersoek.

1.3. NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE

Die navorsingsontwerp behels hoofsaaklik 'n literatuurstudie. Belasting-wetgewing, relevante regspraak, artikels en menings, deur middel van vraelyste en gesprekvoering, van amptenare van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, asook belastingdeskundiges is vir hierdie doel gebruik. Die volgende raamwerk bied 'n uiteensetting van die hoofstukke van die verloop van die studie.

1.3.1. Die belasting van buitelandse dividende in die Republiek van Suid Afrika – artikel 9E

Hoofstuk 2 behandel artikel 9E, naamlik die ontleding van terme vervat in die artikel. Die volgende terme word definieer : buitelandse dividend, inwoner, kwalifiserende belang, proporsionele gedeelte van die wins, beheerde maatskappy, beherende maatskappy, groep van maatskappye, vaste kapitaal, effektiewe datum en aangewese land. Artikel 9E(2) ag buitelandse dividende van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees. Artikels 9E(3) en (4) handel oor die berekening van die bedrag wat ingesluit moet word in die inkomste van 'n inwoner, terwyl artikel 9E(5) spesifiek op effektetrusts van toepassing is. Artikel 9E(5A) hanteer die aftrekbaarheid van rente aangegaan in die voortbrenging van buitelandse dividende. Artikel 9E(6) bepaal gevalle waar die inwoner slegs op die netto dividend belas word. Artikel 9E(7) behels sekere vrygestelde buitelandse dividende, artikel 9E(8) dui die vereistes vir aangewese lande aan, artikel 9E(8A) handel oor 'n verdere vrystelling wat

toegestaan word indien aan sekere vereistes voldoen word en artikel 9E(9) handel oor die Kommissaris se diskresie in die opsig.

1.3.2. Die toepaslikheid van artikel 9E op ander artikels in die wet

Die invoeging van artikel 9E in die Wet veroorsaak dat ander artikels van die Wet ook hul toepassing vind of deur die werking van artikel 9E beïnvloed word. In hoofstuk 3 word daar ondersoek ingestel na die geagte bron van sekere buitelandse dividende (artikel 9D(2)) vrygestelde buitelandse dividende (artikels 10(1)(*k*)(i)*(dd)* en artikel 10(1)(*i*)(x)) en teenvermydingsbepalings (artikel 64C(3)) met betrekking tot buitelandse dividende.

1.3.3. Teenvermydingsbepalings van toepassing op buitelandse dividende

In hoofstuk 4 word verder aandag geskenk aan artikel 9E(1) en artikel 64C(3), naamlik die teenvermydingsbepalings van toepassing op buitelandse dividende. Hierdie artikel maak onder andere voorsiening vir die belasting van lenings, wat in sekere omstandighede aan aandeelhouers gemaak word, as buitelandse dividende.

1.3.4. Die invloed van artikel 9E op beleggingsinkomste uit belasting-toevlugsoorde met spesifieke verwysing na natuurlike persone

Aangesien belastingtoevlugsoorde tot op hede 'n gewilde metode was om hoofsaaklik beleggingsinkomste teen Suid-Afrikaanse, oorsese of dubbelbelasting te beskerm, is dit nou noodsaaklik dat die impak van artikel 9E op sodanige inkomste ondersoek word. Die voortgesette nut van belastingtoevlugsoorde word in hoofstuk 5 ondersoek deur onder andere na spesifieke belastingtoevlugsoorde te kyk.

Die invloed van belasting op buitelandse dividende op die beleggingsbesluite van Suid-Afrikaanse inwoners, met spesifieke verwysing na belegging deur

natuurlike persone in belastingtoevlugsoorde word ondersoek. Hier word die mening van 'n belastingkundige verkry en daar word kortliks ondersoek ingestel na die metodes van belegging in belastingtoevlugsoorde en die voortgesette nut van belastingtoevlugsoorde as deel van belastingbeplanning.

1.3.4. Die invloed van belasting op buitelandse dividende op nie-inwoners, met spesifieke verwysing na migrasie- en beleggingsbesluite

In hoofstuk 6 word daar kortliks ondersoek ingestel na die invloed van belasting op buitelandse dividende op nie-inwoners. Hier word spesifiek ondersoek ingestel na nie-inwoners se migrasie- en beleggingsbesluite en of sodanige besluite deur artikel 9E beinvloed word.

1.3.6. Verligting ten opsigte van dubbelbelasting

Die gevolge van dubbelbelastingooreenkomste tussen die Republiek en die buiteland word in hoofstuk 7 bespreek.

Die toepassing van artikel 6*quat* (belastingkrediete) word ondersoek, aangesien verligting in hierdie opsig verskaf word deur middel van die buitelandse belastingkrediet.

1.3.7. Die verband tussen belasting op buitelandse dividende en sekondêre belasting op maatskappye

Hoofstuk 8 handel oor die uitwerking wat belasting op buitelandse dividende het op die berekening van sekondêre belasting op maatskappye (SBM). Dit behels hoofsaaklik dat, waar 'n buitelandse dividend aan Suid-Afrikaanse normale belasting onderhewig is, die buitelandse dividend nie aftrekbaar is in die berekening van netto dividend vir SBM-doeleindes nie. Waar 'n buitelandse dividend egter vrygestel is van Suid-Afrikaanse normale belasting, is die dividend wel aftrekbaar in die berekening van die netto dividend (PriceWaterhouse-Coopers, 2000 : 9).

1.3.8. Die invordering van belasting op buitelandse dividende

In hoofstuk 9 word ondersoek ingestel na die invordering van belasting op buitelandse dividende. Aangesien Suid-Afrikaanse normale belasting gehef word op die buitelandse dividend, word invordering moontlik gemaak deur middel van voorlopige belasting en aanslae. Die mening van amptenare van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is verkry aangaande moontlike probleme wat ondervind mag word met die invordering van belasting op buitelandse dividende, al dan nie.

1.3.9. Samevatting en gevolgtrekking

In hoofstuk 10 word die samevatting van die studie asook die gevolgtrekking waartoe die skrywer op grond van die bevindinge gekom het, gegee.

HOOFSTUK 2

DIE BELASTING VAN BUITELANDSE DIVIDENDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

2.1. INLEIDING 10

2.2. ARTIKEL 9E(1) : WOORDOMSKRYWINGS 11

2.2.1. Buitelandse dividend 11

2.2.2. Inwoner 12

2.2.2.1.Natuurlike persone 12

2.2.2.1.1.Gewoonlike woonagtigheid 12

2.2.2.1.2.Fisiese teenwoordigheid 13

2.2.2.2.Regspersone 14

2.2.3. Kwalifiserende belang 14

2.2.3.1.Direkte kwalifiserende belang 14

2.2.3.2.Indirekte kwalifiserende belang 15

2.2.4 Proporsionele gedeelte van die wins 15

2.2.5 Beheerde maatskappy 16

2.2.6. Beherende maatskappy 16

2.2.7. Groep van maatskappye 16

2.2.8. Vaste kapitaal 16

2.2.9. Effektiewe datum 16

2.2.10. Aangewese land 17

2.3. ARTIKEL9 E(2) tot (9) : TOEPASSINGS 18

2.3.1. Berekening van bedrag ingesluit in inkomste van inwoner – artikel artikel 9E(3) en 9E(4) 18

2.3.1.1.Direkte belang 18

2.3.1.2.Indirekte belang 18

2.3.1.3.Die deursigtige keuse 19

2.3.2 Effektetrusts – artikel 9E(5) 20

2.3.2.1Maatskappy 20

2.3.2.2.Effektegroep 21

2.3.3. Die aftrekbaarheid van rente aangegaan in die voortbrenging van buitelandse dividende – artikel 9E(5A) 22

2.3.4. Buitelandse belasting en terughoubelasting – artikel 9E(6) 23
2.3.5. Uitsluitings – artikel 9E(7) 23
2.3.6. Vereistes vir aangewese lande – artikel 9E(8) 24
2.3.7. Verdere vrystelling van artikel 9E – artikel 9E(8A) en artikel 9E(8B) 25
2.3.8. Diskresie van die Kommissaris – artikel 9E(9) 26

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

HOOFSTUK 2

DIE BELASTING VAN BUITELANDSE DIVIDENDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

2.1. INLEIDING

Die invoeging van artikel 9E in die Inkomstebelastingwet, No.58 van 1962 (hierna "die Wet") het op 23 Februarie 2000 van krag geword (Ernst & Young, 2000 (A): 3). Die hoofredes vir die invoeging van hierdie artikel in die Wet was die volgende :

- om die verwering van die belastingbasis die hoof te bied as gevolg van die verslapping van valutabeheer in die Republiek van Suid Afrika (Meyerowitz, 2001 : 15-19);
- om die belastingbasis te verbreed;
- om die verblyfbelastingbasis in te faseer;
- om belastingvermyding deur middel van tussengangerentiteite in belastingtoevlugsoorde die hoof te bied;
- om internasionaal-aanvaarbare belastingbeginsels vir die belasting van buitelandse dividende daar te stel;
- om dit op so wyse te doen dat dubbelbelasting nie betaal word ten opsigte van bedryfswinste van direkte buitelandse belegging nie (Louw, 2000).

Die invoeging van artikel 9E het tot gevolg gehad dat 'n aantal nuwe terme hul verskyning in die Wet gemaak het. Aangesien hierdie terme en begrippe vreemd is vir die Suid-Afrikaanse belastingbetaler, is dit noodsaaklik dat die terme duidelik definieer word.

Volledige uittreksels van die Wet word verskaf in Bylae A tot hierdie werkstuk.

2.2. ARTIKEL 9E (1) : WOORDOMSKRYWINGS

2.2.1. Buitelandse dividend

'n Buitelandse dividend beteken nie noodwendig 'n dividend verklaar deur 'n buitelandse maatskappy nie, maar 'n dividend verklaar asook geag verklaar te wees tot die mate dat dit verkry is uit winste wat uit 'n buitelandse bron afkomstig is. Hierdie winste sluit beide winste van inkomste- en van kapitale aard in.

'n Buitelandse bron beteken 'n bron buite die Republiek en nie geag 'n bron binne die Republiek te wees nie. 'n Buitelandse bron beteken ook 'n bron geag om binne die Republiek te wees, maar die winste is nie onderhewig aan belasting in die Republiek nie, byvoorbeeld omdat die inkomste vrygestel is van belasting of indien Suid Afrika verhoed word om belasting te hef op die inkomste in die hande van die maatskappy as gevolg van 'n dubbelbelasting-ooreenkoms (Meyerowitz, 2002 : 15-19).

'n Buitelandse dividend beteken 'n dividend verklaar deur enige maatskappy wat 'n buitelandse entiteit is ('n regspersoon maar nie 'n trust nie) wat 'n nie-inwoner is. 'n Maatskappy kan ook as nie-inwoner hanteer word as gevolg van die toepassing van 'n dubbelbelastingooreenkoms wat deur die Republiek gesluit is. 'n Buitelandse dividend is verder ook dividend verklaar deur 'n inwoner tot die mate wat die dividend verklaar word uit winste gegenereer voordat die maatskappy 'n inwoner geword het (Meyerowitz, 2002 : 15-19).

Die definisie van buitelandse dividend verwys ook spesifiek na die geagte dividendreëls van artikel 64C(3) en (4) en daarom is dit noodsaaklik om laasgenoemde artikel en subartikels te ondersoek. Hierdie word bespreek in hoofstukke 3 en 4 van die werkstuk.

2.2.2. Inwoner

Artikel 1 van die Wet bevat die definisie van inwoner en die begrip word as volg definieer :

(a) enige natuurlike persoon wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is; en

(b) enige persoon, behalwe 'n natuurlike persoon, wat ingelyf is in of sy plek van effektiewe bestuur binne die Republiek het (Danziger & Cronjé, 2002 : 34).

2.2.2.1. Natuurlike persone

Dit blyk duidelik uit bogenoemde artikel dat die begrip "gewoonlik woonagtig" bepalend is of 'n natuurlike persoon 'n inwoner is al dan nie en dit is daarom noodsaaklik dat hierdie begrip ontleed word. Vir die doel is die normale woordeboekbetekenis en, meer belangrik, Suid-Afrikaanse en internasionale regspraak gebruik.

2.2.2.1.1 Gewoonlike woonagtigheid

"Woonagtig" word beskryf as gevestig of wonende (Odendal et al., 1997 : 1287), terwyl "gewoonlik" definieer word as volgens gewoonte of deurgaans of in die reël (Odendal et al., 1997 : 280). Dit is egter nodig om ondersoek in te stel na regspraak aangaande hierdie begrip om meer duidelikheid te kry aangaande die toepassing van hierdie begrip in die praktyk.

In *Cohen v Commissioner for Inland Revenue* 1946 AD 174 (13 SATC 362 : 371) het die hof bepaal dat " al sou 'n persoon 'n inwoner van meer as een land gelyktydig kan wees, hy slegs in een land gewoonlik woonagtig kan wees" (eie vertaling). Daar is ook verder bepaal dat die land van gewone woonagtigheid daardie een is waarheen die persoon sal terugkeer na sy omswerwinge (eie vertaling).

In *Reid v Barnet London Borough Council : Ex parte Shah and Other Appeals* [1982] (1 All ER 698 (A)) het Lord Scarman gesê die belangrikheid van die bywoord "gewoonlik" is dat dit twee noodsaaklike kenmerke herroep waarvan Lord Summer in die Lysaght saak melding gemaak het, naamlik verblyf vrywillig aangeneem en vir vestigingsdoeleindes (eie vertaling). Dit blyk dus hieruit dat dit daardie land is waar die belastingpligtige na keuse sal terugkeer om te woon.

Die mees onlangse saak wat gehandel het oor "gewoonlike woonagtigheid" is CIR v *Kuttel* 1992 (3) SA 242 (A) (54 SATC 298), waar dit deur die regter duidelik verklaar is dat 'n persoon se gewoonlike woonagtigheid bepaal word waar hy gewoonlik en normaalweg woonagtig is, afgesien van tydelike of toevallige afwesighede van langer of korter duur.

2.2.2.1.2 Fisiese teenwoordigheid

Indien 'n natuurlike persoon nie 'n inwoner is as gevolg van sy gewoonlike woonagtigheid nie, moet die aantal dae wat die persoon fisies in Suid Afrika teenwoordig was, vasgestel word.

So 'n persoon sal aan die omskrywing van 'n inwoner voldoen indien die persoon in die Republiek is vir meer as 91 dae in totaal gedurende die jaar van aanslag, en in totaal gedurende die voorafgaande drie jare fisies in die Republiek teenwoordig was vir 'n tydperk wat 549 dae te bowe gaan, en fisies teenwoordig was in die Republiek vir 'n tydperk wat 91 dae oorskry in elkeen van die drie voorafgaande jare (Huxham & Haupt, 2002 : 249).

Die voorbehoudsbepaling tot die omskrywing handel oor die situasie wat ontstaan wanneer 'n natuurlike persoon ophou om 'n inwoner te wees en stel dit duidelik dat indien 'n persoon buite die Republiek is vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens 330 dae (ongeag of dit gedurende die jaar van aanslag was of oor twee jare van aanslag strek) sal daardie persoon nie 'n inwoner vir daardie aaneenlopende tydperk wees nie (Huxham & Haupt, 2002 : 249 - 250).

In die geval van 'n natuurlike persoon is dit dus noodsaaklik om vas te stel of die persoon gewoonlik woonagtig is in die Republiek, al dan nie, of om die aantal dae vas te stel wat die persoon fisies in Suid Afrika teenwoordig was ingevolge die fisiese teenwoordigheidreëls wat hierbo bespreek is. Daar bestaan dus twee wyses waarop die status van inwoner in die geval van 'n natuurlike persoon bepaal kan word, naamlik deur middel van gewoonlike woonagtigheid of deur middel van fisiese teenwoordigheid in Suid Afrika.

2.2.2.2. Regspersone

Om vas te stel of 'n regspersoon 'n inwoner is of nie, moet slegs bepaal word waar die maatskappy, beslote korporasie of trust ingelyf, geregistreer of gestig is of waar die plek van effektiewe bestuur van die entiteit is.

Die plek van effektiewe bestuur is daar waar die dag-tot-dag bestuur van die aktiwiteite van die entiteit plaasvind, naamlik die neem van operasionele besluite (Huxham & Haupt, 2002 : 250).

2.2.3. Kwalifiserende belang

'n Kwalifiserende belang behels 'n belang van minstens 10 persent in die ekwiteitsaandelekapitaal van 'n maatskappy. Vir die doeleindes van artikel 9E kan daar 'n direkte belang deur die inwoner self gehou word of 'n indirekte kwalifiserende belang (sien 2.2.3.2).

2.2.3.1.Direkte kwalifiserende belang

'n Direkte kwalifiserende belang bestaan indien 'n inwoner 'n belang van minstens 10 persent in die ekwiteitsaandelekapitaal van 'n maatskappy hou (Huxham & Haupt, 2002 : 264).

2.2.3.2.Indirekte kwalifiserende belang

'n Indirekte kwalifiserende belang bestaan indien die inwoner 'n kwalifiserende belang, dus minstens 10 persent, in die ekwiteitsaandele-kapitaal van 'n maatskappy hou en daardie maatskappy ('n Suid-Afrikaanse of buitelandse maatskappy) hou op sy beurt weer 'n belang van minstens 10 persent in 'n tweede maatskappy, die buitelandse maatskappy. Die inwoner hou dus 'n indirekte kwalifiserende belang in die tweede maatskappy, al mag sy effektiewe aandeelhouding minder as 10 persent wees (Huxham & Haupt, 2002 : 264).

Hierdie definisie word skematies voorgestel in Bylae B tot hierdie ondersoek.

2.2.4. Proporsionele gedeelte van die wins

Artikel 9E definieer nie "wins" nie. Dit word veronderstel dat die begrip "wins" sy gewone rekeningkundige bedoeling sal hou (dus, inkomste minus uitgawes) en dit word veronderstel dat beide winste van inkomste- en kapitale aard ingesluit word (Arendse et al., 2001 : 53).

By die inkomste van 'n inwoner word ingesluit daardie gedeelte van die wins soos bereken deur die verhouding van die aandeelhouer se aandeelhouding tot die totale aandeelhouding van die maatskappy vermenigvuldig met die totale wins. Indien daar verskillende klasse van aandele is, word elke klas afsonderlik mee gehandel (Huxham & Haupt, 2002 : 264).

Die proporsionele bedrag van die wins van 'n maatskappy wat by die inkomste van 'n inwoner ingesluit word, moet die winste verdien deur ander maatskappy(e), waarin eersgenoemde maatskappy 'n belang het, in ag neem, indien die inwoner 'n kwalifiserende belang in laasgenoemde maatskappy(e) het (Meyerowitz, 2002 : 15-23).

Hierdie kwessie word verder ondersoek in hoofstuk 3 by die berekening van die bedrag wat ingesluit word in bruto inkomste van 'n inwoner.

2.2.5. Beheerde maatskappy

'n Beheerde maatskappy is 'n maatskappy waarvan minstens 75 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal of stemreg deur 'n ander maatskappy gehou word.

2.2.6. Beherende maatskappy

Minstens 75 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal of stemreg van 'n beheerde maatskappy word deur 'n beherende maatskappy besit.

2.2.7. Groep van maatskappye

'n Groep van maatskappye bestaan uit 'n beherende maatskappy en die beheerde maatskappye, soos hierbo gedefinieer.

2.2.8. Vaste kapitaal

Vaste kapitaal bestaan uit die aandelekapitaal, aandelepremie en opgehoopte winste (beide van kapitale- en inkomste-aard) van 'n maatskappy (Huxham & Haupt, 2002 : 264).

2.2.9. Effektiewe datum

Artikel 9E is van toepassing op dividende ontvang deur of toegeval aan 'n inwoner (natuurlike persoon of regspersoon) op of na 23 Februarie 2000. 'n Dividend wat toeval voor hierdie datum, maar daarna ontvang word is nie belasbaar nie, mits die maatskappy wat die dividend verklaar het genoteer is op 'n erkende effektebeurs, of, indien die maatskappy nie genoteer is nie, die hoof uitvoerende beampte en :

(a) 'n eksterne ouditeur van die maatskappy; of

(b) waar die maatskappy in 'n land geleë is waar die verpligte aanstelling van 'n eksterne ouditeur nie vereis word nie, 'n geregistreerde rekenmeester met dieselfde status as 'n eksterne ouditeur,

verklaar dat sodanige dividend werklik deur die maatskappy verklaar is voor 23 Februarie 2000 (Meyerowitz, 2001 : 15-19).

2.2.10. Aangewese land

Aangewese lande is lande wat deur die Minister van Finansies in die Staatskoerant op 1 September 2000 aangewys is (Ernst & Young, September 2000 (B) : 3). Dit is lande wat :

(i) 'n ooreenkoms met die Republiek aangegaan het vir die vermyding van dubbelbelasting en waar sodanige ooreenkoms van krag is;

(ii) belasting op inkomste hef, bereken op 'n wyse wat wesenlik dieselfde is as dié van die Republiek;

(iii) 'n statutêre inkomstebelastingkoers op maatskappy hef teen ten minste 27 persent (minstens 13,5 persent in die geval van kapitale winste) sonder die reg op verhaling van sodanige belasting deur enige persoon (behalwe die reg van verhaal in terme waarvan die persoon geregtig is om verliese terug te dra gedurende enige jaar van aanslag na enige jaar van aanslag wat die betrokke jaar van aanslag voorafgaan); en

(iv) lande wat voldoen aan enige vereiste wat die Minister by wyse van regulasie mag voorskryf (Meyerowitz, 2002 : 15-20).

Die lande wat in *Staatskoerant 21526* op 1 September 2000 gepubliseer, is soos volg : Algerië, Australië, België, Denemarke, Duitsland, Egipte, Kanada, Kroasië, Finland, Frankryk, Israel, Italië, Japan, Republiek van Korea, Lesotho, Malawi, Namibië, Nederland, Noorweë, Oostenryk, Pole, Romenië, Slovakye, Swaziland, Swede, Thailand, Tjeggiese Republiek, Tunisië,

Verenigde Koninkryk, Verenigde State van Amerika, Zambië en Zimbabwe (Meyerowitz, 2001 : 15-23).

2.3. ARTIKEL 9E(3) TOT (9) : TOEPASSINGS

2.3.1. Berekening van die bedrag ingesluit by die inkomste van 'n inwoner – artikel 9E(3) en artikel 9E(4)

2.3.1.1.Direkte belang

Die bedrag van buitelandse dividende wat by bruto inkomste ingesluit word vir 'n inwoner wat 'n direkte belang van minstens 10 persent ('n kwalifiserende belang) van die ekwiteitsaandelekapitaal van die maatskappy wat die dividend verklaar, hou, is die wins voor belasting op winste en terughoubelasting (in die verhouding van die inwoner se effektiewe aandeelhouding tot die totale aandeelhouding van die maatskappy). Waar 'n persoon 'n direkte belang van minder as 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van die maatskappy, wat die dividend verklaar, hou, word die dividend voor enige terughoubelasting ingesluit by belasbare inkomste (Huxham & Haupt, 2001 : 252).

Die terugtelling van die buitelandse maatskappybelasting en terughoubelasting of slegs terughoubelasting word "opskaling" genoem. In die geval van 'n kwalifiserende belang is die opgeskaalde dividend dus die onderliggende wins wat by die aandeelhouer se inkomste gevoeg word. Buitelandse belasting behels belastingaanspreeklikheid en nie slegs statutêre belasting bereken op belasbare inkomste nie. Indien 'n dividend verklaar word uit 'n voorafgaande jaar se inkomste, word die belastingaanspreeklikheid in daardie betrokke jaar by die dividend gevoeg.

2.3.1.2.Indirekte belang

Aangesien daar in die geval van 'n kwalifiserende belang (minstens 10 persent van die aandelekapitaal) beide die terughoubelasting en die

maatskappybelasting teruggetel word by die netto dividend, is dit noodsaaklik om vas te stel wanneer 'n kwalifiserende belang gehou word. Direkte kwalifiserende belange word in 2.3.1.1. bespreek.

Dit is moontlik dat 'n inwoner 'n indirekte kwalifiserende belang in 'n maatskappy(e) (die "tweede maatskappy") hou indien die maatskappy, waarin die inwoner 'n direkte kwalifiserende (die "eerste maatskappy") belang hou, self 'n direkte kwalifiserende belang in die "tweede maatskappy" hou. Die inwoner sal dus sy effektiewe gedeelte van die "tweede maatskappy" se wins by sy bruto inkomste moet insluit. Hierdie reël word die deursigtige reël genoem en word ook deur ander lande, soos die Verenigde Koninkryk ook toegepas (Louw, 2000 : 4).

In die berekening van die onderliggende winste waaruit 'n betrokke dividend verklaar is, is dit dus nodig dat daar afgewentel word na die opeenvolgende lae van maatskappye of aandeelhouding indien daar sodanige aandeelhouding is. By elke laag moet die samestelling van die winste bepaal word, asook of dit aan belasting onderhewig was al dan nie. Hierdie lae van aandeelhouding verwys na byvoorbeeld 'n inwoner wat 'n belang hou in 'n maatskappy en die maatskappy het op sy beurt 'n belang in 'n tweede maatskappy (Ernst & Young, 2000 (A) : 7).

Ter illustrasie van die toepassing van artikel 9E(3) en (4) word verwys na Bylae C.

2.3.1.3.Die deursigtige keuse

As alternatief tot bogenoemde twee berekeninge, kan die inwoner die keuse (naamlik die "deursigtige keuse") uitoefen om :

(a) in die geval van 'n nie-kwalifiserende belang (minder as 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal) belas te word op die dividend minus die terughoubelasting. Die terughoubelasting word dus hanteer as

aftrekking van die dividendbedrag en nie as krediet teen die Suid-Afrikaanse belasting nie, en

(b) in die geval van 'n kwalifiserende belang (minstens 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal) is die bedrag van die dividend die onderliggende winste minus die buitelandse belasting op sodanige winste en minus enige terughoubelasting betaal op die dividend.

Die belastingpligtige het dus die keuse om die bruto (opgeskaalde) dividend by inkomste te laat insluit (sien 2.3.1.1) of die netto dividend, waar hy in laasgenoemde geval nie sal kwalifiseer vir die artikel 6*quat* – korting nie (sien 7.3.2). Die belastingpligtige word verbind tot sy keuse van jaar tot jaar vir alle buitelandse dividende wat in die betrokke jaar toeval of ontvang word. Indien die belastingpligtige dus verkies om, ten opsigte van een buitelandse dividend, die netto dividend by inkomste te laat insluit, hierdie keuse van toepassing sal wees op alle ander buitelandse dividende wat in die betrokke jaar van aanslag ontvang word deur die belastingpligtige of wat aan hom toeval.

Laasgenoemde keuse (die "deursigtige keuse") sal waarskynlik gemaak word waar die inwoner 'n vasgestelde verlies het of waar buitelandse belasting onbruikbare belastingkrediete veroorsaak (Ernst & Young, 2000 (A) :4).

2.3.2. Effektetrusts – artikel 9E(5)

2.3.2.1.Maatskappy

Die definisies van 'n "maatskappy" word gevind in artikel 1 van die Wet en sluit enige vereniging, korporasie of maatskappy ingelyf ingevolge die reg van 'n land behalwe die Republiek, of 'n regspersoon opgerig of ingestel ingevolge sodanige reg in (Danziger & Cronjé, 2002 : 36).

Voorheen het die definisie entiteite wat in die buiteland ingelyf is, uitgesluit indien daar nie vereiste vlakke van aktiewe verbintenisse in Suid Afrika was

nie. Slegs buitelandse entiteite wat 'n besigheid in die Republiek bedryf het deur middel van 'n kantoor of besigheidsplek was hierby ingesluit. Hierdie wysiging is aangebring deur middel van die wetswysigings wat op 23 Februarie 2000 in werking getree het. Die wysiging maak dit duidelik dat uitkerings deur alle buitelandse verenigings "dividende" sal wees soos gedefinieer. Die nuwe definisie sluit ook buitelandse effektetrusts in, wat twee of meer beleggers bymekaar bring (Ernst & Young, 2000 (A) : 5).

2.3.2.2.Effektegroep

'n Effektegroep bestaan uit 'n effektetrustskema wat die kapitaal van effektehouers belê in beleggings soos onder andere aandeelhouding in maatskappye en vaste depositos. Die effektetrustskema verdien dus inkomste uit hierdie beleggings wat in die vorm van rente en dividende aan die effektehouers verklaar word.

Indien 'n dividend verklaar word deur 'n buitelandse maatskappy aan 'n effektegroep, en die die effektegroep verklaar op sy beurt 'n dividend aan die effektehouers, word die dividend geag direk verklaar te wees deur die buitelandse maatskappy aan die effektehouers. Indien sodanige effektehouers inwoners is, sal belasting op sodanige dividende gehef word. Die effektetrustskema kan 'n binnelandse of 'n buitelandse skema wees.

Effektetrusthouers wat natuurlike persone is, kwalifiseer egter vir die artikel 10(1)(*i*)(xv) basiese rentevrystelling. Hierdie vrystelling is eerstens van toepassing op buitelandse dividende wat ingesluit is in bruto inkomste in terme van artikel 9E, en wat nie andersins vrygestel is nie (Arendse et al., 2001 : 60). Hierdie vrystelling word beperk tot 'n maksimum bedrag van R5 000 in die geval van natuurlike persone jonger as 65 jaar en R10 000 in die geval van natuurlike persone van 65 jaar en ouer.

Artikel 9E sal dus van toepassing wees op buitelandse dividende verklaar deur effektegroepe. Belasting word dus in Suid Afrika gehef wanneer die dividend verklaar word. Die effektetrustskema stel die effektehouers in kennis

van tot welke mate die betalings bestaan uit buitelandse dividende en welke bedrag in die vorm van buitelandse belasting betaal is.

Artikel 9D (toeskrywing van inkomste van beheerde buitelandse entiteite aan inwoners) sal heel waarskynlik nie op effektetrusts van toepassing wees nie, aangesien die vereiste dat meer as 50 persent van die onderaandele van bogenoemde fondse gesamentlik deur Suid-Afrikaanse inwoners gehou moet word, dit onwaarskynlik maak dat enige sodanige entiteit as beheerde buitelandse entiteit klassifiseer sal word (Ernst & Young, 2000 (A) : 5).

"Beheerde buitelandse entiteit" beteken enige buitelandse entiteit waarin 'n inwoner of inwoners van die Republiek, hetsy afsonderlik of gesamentlik, en hetsy regstreeks of onregstreeks, meer as 50 persent van die deelnemende regte hou, of geregtig is om meer as 50 persent van die stemreg of beheer oor die entiteit uit te oefen (Danziger & Cronjé, 2001 : 87).

Toeskrywing van die fonds se winste (wat plaasvind by toepassing van artikel 9D(2) by beheerde buitelandse entiteite) aan die effektehouers sal dus nie plaasvind totdat 'n dividend verklaar word deur die effektegroep, en in teme van artikel 9E belasbaar, is nie.

2.3.3. Die aftrekbaarheid van rente aangegaan in die voortbrenging van buitelandse dividende – artikel 9E(5A)

Uitgawes ten opsigte van rente is aftrekbaar indien dit in die voortbrenging van inkomste, in die vorm van buitelandse dividende aangegaan is, maar word beperk tot die bedrag van buitelandse dividende wat by bruto inkomste ingesluit is. Indien die rente die belasbare buitelandse dividend te bowe gaan, sal die oorskot,

- afgetrek word van buitelandse dividende wat nie in belasbare inkomste ingesluit is nie, en
- oorgedra word na die volgende jaar indien daar steeds 'n oorskot is (Huxham & Haupt, 2002 : 268).

2.3.4. Buitelandse belasting en terughoubelasting – artikel 9E(6)

Hierdie subartikel voorsien die keuse wat reeds in 2.3.1.3 bespreek is en word die deursigtige keuse genoem. Die gevolg van die keuse is dat 'n aftrekking toegelaat word vir buitelandse belasting opgelê op die dividend wat ingesluit is in die inkomste van die inwoner in daardie jaar van aanslag (Arendse et al., 2001 : 53). Die netto dividend word ingesluit in die inkomste van die inwoner en nie die opgeskaalde dividend, soos in die geval waar die deursigtige keuse nie gemaak word nie. Die belastingpligtige is dan nie geregtig op 'n buitelandse belastingkrediet in terme van artikel 6*quat* nie (sien 7.3.2).

2.3.5. Uitsluitings – artikel 9E(7)

Sekere buitelandse dividende is van belasting vrygestel, indien daar aan die vereistes van artikel 9E(7) voldoen word.

Artikel 9E(7)(c) bepaal dat inwoners wat 'n belang van minder as 10 persent in 'n maatskappy hou wat op die aandelebeurs genoteer is, terwyl ander inwoners 'n belang(e) van meer as 10 persent hou, nie op buitelandse dividende ontvang van sodanige genoteerde maatskappy belas sal word nie. Die aandelebeurs verwys na 'n aandelebeurs in Suid Afrika (Huxham & Haupt, 2002 : 271).

Die begrip "aandelebeurs" word omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse No.1 van 1985 (Danziger & Conjé, 2002 : 96)

Artikel 9E(7)(c) behels dus dat genoteerde maatskappye onthef word van die verpligting om die plaaslike en buitelandse samestelling van dividende te onderskei, in die geval van 'n aandeelhouers met 'n nie-kwalifiserende belang of 'n belang van minder as 10 persent (Ernst & Young, 2000 (A) : 6).

Hierdie uitsluiting is daarop gemik om die administratiewe las van genoteerde maatskappye te verlig aangaande die groot aantal portefeulje aandeelhouers wat daar mag bestaan (Louw, 2000 : 2).

Die bepaling vervat in artikel 9E(7)(d) behels dat dividende wat verklaar word uit winste wat reeds in 'n aangewese land teen minstens 27 persent (en minstens 13,5 persent in die geval van kapitale winste) belas is, aan 'n inwoner wat 'n kwalifiserende belang hou in die maatskappy wat die dividend verklaar, vrygestel is van belasting in Suid Afrika.

Dit is 'n internasionaal-aanvaarbare beginsel (soos byvoorbeeld in Australië) om sekere buitelandse dividende geheel en al van belasting vry te stel. Die rasionaal is dat dit uit 'n administratiewe oogpunt doelmatig is om buitelandse dividende vry te stel indien dit belasting is wat op die onderliggende winste gehef is van sodanige omvang is dat 'n krediet in terme van artikel 6*quat* (sien 7.3.2) bykans die volle bedrag van die Suid-Afrikaanse belasting sal uitkanselleer (Louw, 2000 : 2).

Dit wil voorkom of die vereiste koers van 27 persent (en minstens 13,5 persent in die geval van kapitale winste) verwys na 'n toepaslike belastingkoers en nie 'n werklike belastingaanspreeklikheid nie (Ernst & Young, 2000 : 6). Wannneer die bepalings van artikel 9E(7)(d) dus oorweeg word, moet na die statutêre belastingkoers, soos van toepassing op maatskappye in die buiteland, gekyk word en nie na die effektiewe koers wat deur die maatskappy betaal is nie.

2.3.6. Vereistes vir aangewese lande – artikel 9E(8)

Indien buitelandse dividende ontvang word uit aangewese lande en daar word aan die vereistes van artikel 9E(7)(d) voldoen, is die dividend vrygestel van belasting in Suid Afrika.

Die Minister kan deur middel van kennisgewing in die *Staatskoerant* lande aanwys wat-

(c) 'n belasting op inkomste het wat vasgestel word op 'n grondslag wat wesenlik dieselfde is as dié van die Republiek;

(c) 'n statutêre koers van belasting op inkomste van maatskappye van minstens 27 persent (en minstens 13,5 persent van toepassing op kapitale winste) het sonder enige reg van verhaal van daardie belasting deur 'n persoon (behalwe die reg van verhaal ingevolge 'n reg om verliese wat gedurende die jaar van aanslag ontstaan na 'n jaar van aanslag wat bedoelde jaar van aanslag voorafgaan, terug te dra); en

(d) aan enige ander vereiste wat die Minister deur middel van regulasie kan voorskryf, voldoen (Danziger & Cronjé, 2002 : 97).

Die eerste lys van aangewese lande is reeds publiseer en bespreek in 2.2.10.

2.3.7. Verdere vrystelling van artikel 9E – artikel 9E(8A) en artikel 9E(8B)

Artikel 9E(8A) bepaal dat die Minister deur middel van kennisgewing in die *Staatskoerant* vrystelling mag verleen van die toepassing van hierdie artikel ten opsigte van enige dividend ontvang deur of toegeval aan 'n inwoner, wat na die Republiek oorgeplaas is, in die mate wat die dividend verklaar is uit winste verkry uit enige projek deur die Minister goedgekeur, met inagneming van-

(a) die ekonomiese voordele van daardie projek vir die Republiek;

(b) die mate wat goed en dienste ten opsigte van die projek uit die Republiek verskaf word;

(c) die potensiële effek wat die projek op die Suid-Afrikaanse belastingbasis mag hê;

(d) ander bystand deur die Staat of 'n Staatsorgaan toegestaan ten opsigte van daardie projek;

(e) ander kriteria wat die Minister mag voorskryf (Danziger & Cronjé, 2002 : 97).

Die doel van hierdie subartikel is dat die Minister vrystelling van belasting kan verleen indien dit in nasionale belang is (Meyerowitz, 2002 : 15-20).

In terme van artikel 9E(8B) kan die Minister bogenoemde vrystelling terugtrek indien daar nie aan die vereistes van artikel 9E(8A) voldoen word nie (Danziger & Cronjé, 2002 : 97).

2.3.8. Diskresie van die Kommissaris – artikel 9E(9)

Die diskresie deur die Kommissaris uitgeoefen ingevolge hierdie artikel is aan beswaar en appél onderhewig (Danziger & Cronjé, 2002 : 97).

HOOFSTUK 3

DIE INTERAKSIE VAN ARTIKEL 9E MET ANDER ARTIKELS IN DIE WET

3.1. INLEIDING 28

3.2. ARTIKEL 9D(2) 28

3.2.1. Houermaatskappy 28

3.2.2. Buitelandse entiteite 28

3.2.3. Toeskrywing van inkomste 29

3.3. ARTIKEL 10(1)(*k*)(i)(*dd*) 30

3.4. ARTIKEL 10(1)*(i)*(xv*)* 30

3.5. ARTIKEL 64C(3) 30

HOOFSTUK 3

DIE INTERAKSIE VAN ARTIKEL 9E MET ANDER ARTIKELS IN DIE WET

3.1. INLEIDING

Die invoeging van artikel 9E in die Wet veroorsaak dat ander artikels van die Wet hul toepassing vind of deur die werking van artikel 9E beïnvloed word. Hierdie artikels is artikel 9D(2) (toeskrywing van inkomste), die vrystellingsartikels 10(1)(*k*)(i)(*dd*) en artikel 10(1)(*i*)(xv) en die teenvermydingsartikel 64C(3). Met die inwerkingtreding van artikel 9E is hierdie artikels gewysig om hul interaksie met artikel 9E te verseker.

3.2. ARTIKEL 9D(2)

Buitelandse dividende wat direk toeval aan 'n Suid-Afrikaanse inwoner, word hanteer ingevolge artikel 9E, terwyl buitelandse dividende wat aan 'n beheerde buitelandse entiteit toeval, en aan die Suid-Afrikaanse houermaatskappy toegeskryf word, hanteer word in terme van artikel 9D(2) (Ernst & Young, 2000 (A) : 5).

3.2.1. Houermaatskappy

'n Houermaatskappy is 'n maatskappy wat vir sy eie voordeel regstreeks of onregstreeks deur een of meer tussenmaatskappye ten minste 75 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van 'n ander maatskappy hou (Huxham & Haupt, 2002 : 212).

3.2.2. Buitelandse entiteite

Artikel 9D werp 'n wye net ten einde die vermyding van die bepalings van artikel 9E te voorkom in die geval waar buitelandse entiteite deur Suid-Afrikaanse inwoners gebruik word. Die effek van die verkryging van beheer oor 'n buitelandse entiteit is uiteengesit in artikel 9D(2).

'n Buitelandse entiteit is enige persoon, anders as 'n natuurlike persoon, wat sy plek van effektiewe bestuur buite die Republiek het, terwyl 'n beheerde buitelandse entiteit 'n buitelandse entiteit is waarin 'n Suid-Afrikaanse inwoner of inwoners individueel of gesamentlik, direk of indirek :

(a) meer as 50 persent van die deelnemende regte hou; of

(b) geregtig is om meer as 50 persent van die stemreg of beheer uit te oefen (Arendse et al., 2001 : 65).

3.2.3. Toeskrywing van inkomste

Die effek van artikel 9D(2) met betrekking tot die belasbare inkomste van 'n inwoner is dat toeskrywing van inkomste plaasvind en 'n inwoner belas word op sodanige inwoner se proporsionele belang van die netto inkomste van die beheerde buitelandse entiteit. Hierdie proporsionele bedrag word bereken deur die persentasie effektiewe belang van die inwoner toe te pas op die totale netto inkomste van die beheerde buitelandse entiteit. Toeskrywing van die inkomste van die buitelandse entiteit vind jaarliks plaas ongeag of 'n dividend deur die entiteit verklaar is.

Die subartikel is egter nie van toepassing op 'n inwoner wat afsonderlik of gesamentlik met 'n verbonde persoon (met betrekking tot die inwoner) dwarsdeur die buitelandse belastingjaar minder as 10 persent van die deelnemende regte besit het of die reg gehad het om minder as 10 persent van die stemreg uit te oefen nie.

Die interaksie van artikel 9E met artikel 9D word duidelik wanneer daar na die vrystellings van artikel 9D gekyk word. Artikel 9D(9)(f) bepaal dat, indien 'n bedrag reeds ingesluit is in die hande van 'n inwoner in terme van artikel 9E, artikel 9D nie van toepassing sal wees nie. Artikel 9D en artikel 9E sluit mekaar dus uit en of die een of die ander kan van toepassing wees.

3.3. ARTIKEL 10(1)(*k*)(i)(*dd*)

Artikel 10(1)(*k*)(i) behels dat dividende wat aan 'n persoon toeval vrygestel is van belasting. Subartikel (*dd*) bepaal egter dat buitelandse dividende wat aan 'n inwoner toeval ingevolge artikel 9E spesifiek uitgesluit word van vrystelling in terme van hierdie artikel.

3.4. ARTIKEL 10(1)*(i)*(xv)

Die toepassing van hierdie artikel veroorsaak dat belasbare buitelandse dividende vrygestel word van belasting in Suid Afrika asof dit rente is wat ontvang is, beperk tot die maksimum bedrae wat hierna bespreek word.

Natuurlike persone van minstens 65 jaar oud is geregtig op 'n maksimum rentevrystelling van R10 000 per jaar van aanslag en jonger persone op 'n maksimum bedrag van R5 000 per jaar van aanslag.

Artikel 10(1)(i)(*xv*)(A) bepaal dat sodanige vrystelling eerste van toepassing sal wees op buitelandse dividende in artikel 9E en daarna op ander belasbare dividende en rente (Danziger & Cronjé, 2002 : 108).

3.5. ARTIKEL 64C(3)

Die geagte dividendreëls vervat in die bepalings rakende sekondêre belasting op maatskappye is ook inkorporeer in artikel 9E(1), sodat byvoorbeeld 'n lening van 'n buitelandse filiaal (met reserwes) aan die houermaatskappy of 'n inwoner-entiteit binne die groep, ook die toeskrywingsreël in werking laat tree. Verder sal die verkoop van aandele in 'n kwalifiserende belegging (meer as 10 persent), in 'n buitelandse maatskappy met behoue inkomste, aan 'n koper buite die groep, 'n geagte dividend gelyk aan die behoue inkomste, veroorsaak (Ernst & Young, 2000 (A) : 4).

Toeskrywing behels die insluiting van die netto inkomste van 'n beheerde buitelandse entiteit in die inkomste van inwoner-aandeelhouers in hul proporsionele belang, al is 'n dividend nie verklaar nie.

Hierdie artikel word breedvoerig bespreek in hoofstuk 4.

HOOFSTUK 4

TEENVERMYDINGSBEPALINGS VAN TOEPASSING OP BUITELANDSE DIVIDENDE

4.1. INLEIDING 33

4.2. ARTIKEL 9E(1) 33

4.3. ARTIKEL 64C(3) 33

4.3.1. Verbonde persone 34

4.3.2. Geagte uitkerings 35

4.3.3. Vandiehandsetting van ‘n belang in ‘n buitelandse maatskappy 35

HOOFSTUK 4

TEENVERMYDINGSBEPALINGS VAN TOEPASSING OP BUITELANDSE DIVIDENDE

4.1. INLEIDING

Artikel 9E(1) bevat twee teenvermydingsbepalings. Eerstens word verwys na artikel 64C(3) (geagte dividende) en tweedens word die vandiehandsetting van 'n belang in 'n buitelandse maatskappy spesifiek ingesluit.

4.2. ARTIKEL 9E(1)

Hierdie subartikel bevat die woordomskrywings van die belangrikste terme vervat in artikel 9E (kyk 2.2.1 – 2.2.10).

Artikel 9E(1)(a) (buitelandse dividende) verwys na artikel 64C(3) (geagte dividende) en veroorsaak sodoende die inwerkingtreding van laasgenoemde artikel sou enige sodanige uitkerings deur buitelandse maatskappye gemaak word.

4.3. ARTIKEL 64C(3)

Die artikel het ten doel om die vermyding van artikel 64B (sekondêre belasting op maatskappye) te voorkom en om die posisie ten opsigte van meer komplekse gevalle van uitkerings uit te klaar. Sodanige komplekse uitkerings mag plaasvind selfs wanneer daar nie 'n formele dividendverklaring is nie.

Die artikel het in wese die voorkoming van skemas ingevolge waarvan bedrae uitgekeer word deur 'n maatskappy in 'n ander vorm as by wyse van 'n dividendverklaring of geagte dividendverklaring ingevolge artikel 64B (sekondêre belasting op maatskappye), ten doel. Die artikel verhoed ook die vermyding van sekondêre belasting op maatskappye deur middel van betaling aan persone anders as aandeelhouers deur nie slegs die aandeelhouer te

oormerk nie, maar alle persone wat binne die omskrywing van "ontvanger" val.

Subartikel (1) van artikel 64C omskryf "ontvanger" soos volg :

"Ontvanger" met betrekking tot 'n maatskappy, beteken –

(a) 'n aandeelhouer van bedoelde maatskappy;

(b) 'n verbonde persoon met betrekking tot aandeelhouer (Huxham & Haupt, 2002 : 220 - 221).

4.3.1. Verbonde persone

Verbonde persone word in artikel 1 van die Wet definieer en is :

met betrekking tot 'n aandeelhouer wat 'n natuurlike persoon is, is die volgende :

(i) 'n familielid; en
(ii) 'n trust waarvan bedoelde natuurlike persoon of bedoelde familielid 'n begunstigde is;

en met betrekking tot 'n maatskappy-

(i) sy houermaatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No.61 van 1973);
(ii) sy filiaal soos aldus omskryf;
(iii) enige ander maatskappy waar beide bedoelde maatskappye filiale van dieselfde houermaatskappy is;
(iv) enige persoon, behalwe 'n maatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No.61 van 1973), wat afsonderlik of gesamentlik met 'n verbonde persoon, regstreeks of onregstreeks, ten

minste 20 persent van die maatskappy se ekwiteitsaandelekapitaal of stemregte hou (Huxham & Haupt, 2002: 114 - 115).

4.3.2. Geagte uitkerings

Geagte uitkerings word in artikel 64C(3) bespreek. Indien sodanige geagte uitkerings deur 'n buitelandse entiteit aan 'n inwoner gemaak word, sal artikel 9E van toepassing wees en word die inwoner op sodanige inkomste belas.

Voorbeelde van geagte uitkerings is die volgende :

(a) enige kontant of bate deur die maatskappy aan of tot voordeel van bedoelde ontvanger uitgekeer;

(c) waar die ontvanger onthef word van enige verpligting wat in geld meetbaar is, wat deur die ontvanger aan die maatskappy verskuldig is;

(d) wanneer enige skuld deur die ontvanger aan 'n derde party verskuldig deur die maatskappy betaal of vereffen word;

(e) indien 'n bedrag deur die maatskappy op enige ander wyse tot voordeel van die ontvanger gebruik of aangewend is (Huxham & Haupt, 2002 : 221).

Indien sodanige geagte uitkering dus plaasvind, sal die inwoner (ontvanger) se effektiewe belang in die uitkeerbare winste by die inwoner se belasbare inkomste ingesluit word, beperk tot die bedrag geagte dividend wat tot voordeel van die ontvanger aangewend is.

4.3.3. Vandiehandsetting van 'n belang in 'n buitelandse maatskappy

Artikel 9E(1)(b) bepaal dat wanneer 'n persoon 'n belang in die ekwiteitsaandelekapitaal van 'n maatskappy van die hand sit, 'n buitelandse dividend kan ontstaan indien sodanige maatskappy, of 'n filiaal van sodanige

maatskappy, beskik oor uitkeerbare winste aan die persoon. Die bedrag van uitkeerbare onuitgekeerde winste van die maatskappy by die datum van die vandiehandsetting sal dus by die belasbare inkomste van die aandeelhouer gevoeg word in die verhouding van die aandeelhouer se aandeelhouding tot die totale aandeelhouding van die maatskappy (Meyerowitz, 2001 : 15-21).

Hierdie geagte insluiting sal nie van toepassing wees indien :

(a) die persoon op geen tydstip voor of na die effektiewe datum 10 persent of meer van die ekwiteitsaandelekapitaal van die maatskappy besit het nie;

(b) die vandiehandsetting aan 'n inwoner gemaak word en bedoelde inwoner sal vir sy eie voordeel 10 persent of meer van die ekwiteitsaandelekapitaal van sodanige maatskappy hou;

(c) die persoon of 'n beheerde buitelandse entiteit van bedoelde persoon dieselfde effektiewe belang sal hou in die ekwiteitsaandelekapitaal van bedoelde maatskappy.

Bogenoemde vrystellings is nie van toepassing indien die hoofoogmerk van die vandiehandsetting van die belang is om belasting te vermy, te verminder of uit te stel nie (Danziger & Cronjé, 2002 : 92).

Vrystelling (a) veroorsaak dus dat slegs kwalifiserende belange (sien 2.2.3) deur die geagte dividendreëls geraak word.

Indien 'n inwoner dus sodanige vandiehandsetting gedoen het om wel belasting te vermy, te verminder of uit te stel, sal die inwoner se effektiewe belang in die uitkeerbare winste van die maatskappy by die inwoner se belasbare inkomste ingesluit word.

HOOFSTUK 5

DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP BELEGGING DEUR SUID-AFRIKAANSE INWONERS IN BELASTINGTOEVLUGSOORDE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA NATUURLIKE PERSONE

5.1. INLEIDING 38

5.1.1. Alternatiewe beleggingsmoontlikhede in belastingtoevlugsoorde 40

5.2. BELEGGINGSINKOMSTE UIT BELASTINGTOEVLUGSOORDE 41

5.2.1. Bahamas 41

5.2.2. Hong Kong 42

5.2.3. Die Kanaaleilande 43

5.3. DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP DIE BELEGGINGSBESLUITE VAN SUID-AFRIKAANSE INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA BELEGGING IN BELASTING-TOEVLUGSOORDE DEUR NATUURLIKE PERSONE 44

5.3.1. Samevatting 46

HOOFSTUK 5

DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP BELEGGING DEUR SUID-AFRIKAANSE INWONERS IN BELASTINGTOEVLUGSOORDE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA NATUURLIKE PERSONE

5.1. INLEIDING

Ingevolge die "Organisation for Economic Co-operation and Development" (OECD) kan 'n belastingtoevlugsoord beskryf word as 'n jurisduksie wat homself aktief beskikbaar stel vir die vermyding van belasting, wat andersins betaalbaar sou wees in relatief hoë belasting-lande. Die term buitelandse sentrum ("offshore centre") word meer algemeen gebruik, aangesien dit 'n breër begrip is en drie klasse van belastingtoevlugsoord-jurisduksie insluit :

(a) lande waar daar geen belasting is nie (belastingparadyse soos die Kaaiman Eilande, Bahamas en Bermuda);

(b) lande waar belasting gehef word op interne belasbare gebeure, maar nie almal nie, of teen baie lae koerse op winste van buitelandse bronne, byvoorbeeld Hong Kong, Malta of Ciprus;

(c) lande waar spesiale belastingvoorregte aan sekere maatskappye of entiteite toegestaan word, byvoorbeeld die Kanaaleilande, Liechtenstein, Luxemborg, die Eiland van Man en Monaco (Ginsberg, 1997 : 5).

Die gebruik van buitelandse sentrums as beleggingsmoontlikhede mag die volgende voordele vir die belegger kan inhou :

- "belastingneutraliteit " ten opsigte van winste / groei gedurende die beleggingsperiode;

- geen belasting op opbrengs uit die belegging aan die einde van die beleggingstydperk nie;
- vryelike oordrag van die belegging aan die einde van die beleggingstydperk;
- wetgewing wat gunstig staan teenoor belasting- en boedelbeplanning (PersonalWealth Quarterly, 1999 : 2).

Die mees algemene rede waarom persone verkies om van belastingtoevlugsoorde gebruik te maak is onder andere om belasting in hoë belastinglande te vermy, spesifiek omdat belasting gewoonlik teen progressiewe skale gehef word in die geval van individue, om boedelbelasting te minimeer, anonimiteit en geheimhouding betreffende bankrekeninge, politieke oorwegings, deposito van surplus fondse en die ophoping van inkomste voor emigrasie by aftrede (Ginsberg, 1997 : 10).

Sekere belastingtoevlugsoorde, soos die Britse Virginiese Eilande hef geen belasting op oorsese winste nie, vereis geen openbaarmaking van aandeelhouers, geen maatskappysekretaris, geen plaaslike direkteure, geen register van direkteure, aandeelregister of geouditeerde finansiële state nie. Die effektiewe gebruik van belastingtoevlugsoorde deur belastingpligtiges is ooglopend wanneer daar ondersoek ingestel word na navorsing deur die *Oxford Committee for Famine Relief*, wat sy oorsprong in die Tweede Wêreldoorlog het en na konserwatiewe raming bepaal het dat belastingtoevlugsoorde tot verliese aan inkomste van minstens $50 miljard per jaar vir ontwikkelende lande lei (Basson, 2002 : 1). Sodanige verliese word dus deur die belastingpligtiges in die vorm van belastingvermindering geniet.

Geldwassery is 'n verdere rede waarom daar al meer belangstelling in belastingtoevlugsoorde is. Sodanige belastingtoevlugsoorde stel misdadigers in staat om met relatiewe gemak die opbrengs van hul misdaad te verdoesel (Basson, 2002 : 3).

Uit 'n meer positiewe oogpunt word belastingtoevlugsoorde egter gesien as bloot 'n vryemarkomgewing waar eienaars van geld en bates kan besluit dat geld kan vloei na waar hulle voel stabiliteit en ontaantasbaarheid is en die sogenaamde laebelastingomgewings 'n baie positiewe ontwikkeling is om die normale vloei van bates te beheer (Basson, 2002 : 1). Dit is dus nie slegs om belastingvermindering te verkry dat belegging in belastingtoevlugsoorde gedoen word nie.

5.1.1. Alternatiewe beleggingsmoontlikhede in belastingtoevlugsoorde

Dit is voordelig om 'n trust te stig in 'n lae- of geen belastinggebied, eerder as in 'n hoë belastinggebied. Op hierdie wyse kan die trust se fondse opgehoop word teen 'n voordeliger belastingkoers. 'n Ander alternatief is om 'n private beleggingsmaatskappy in die belastingtoevlugsoord te stig waardeur beheer deur die Suid-Afrikaanse inwoner uitgeoefen kan word deur middel van aandeelhouding (Ginsberg, 1997 : 28).

Indien die belastingpligtige nie sy aandeelhouding in 'n maatskappy bekend wil maak nie, is dit moontlik om 'n diskresionêre trust in die belastingtoevlugsoord te stig wat op sy beurt weer die aandeelhouding in die maatskappy besit. In die geval van 'n diskresionêre trust word die begunstigdes gemeld in die trustakte, maar hul reg tot die kapitaal of inkomste van die trust is afhanklik van die uitoefening van die diskresie van die trustees (Ginsberg, 1997 : 28).

Indien die begunstigde dus 'n uitkering van die trust ontvang na die diskresie van die trustees, is dit inkomste wat by die bruto inkomste van die begunstigde ingesluit word. Die aard van die trustinkomste word behou in die geval van 'n diskresionêre uitkering, byvoorbeeld indien die trust dividendinkomste ontvang en daaruit 'n uitkering aan die begunstigde maak, sal die begunstigde die uitkering as dividendinkomste in sy bruto inkomste insluit. Indien die trust dan in 'n belastingtoevlugsoord gestig is, sal dit 'n ontvangste wees van buitelandse dividende in die hande van die Suid-Afrikaanse inwoner. Dit is egter belangrik om daarop te let dat indien

inkomste eers in 'n daaropvolgende jaar uitgekeer word, dit sy identiteit mag verloor, dus sal die dividend nie meer hanteer word as dividendinkomste nie, maar normale belasbare inkomste (Huxham & Haupt, 2002 : 498).

5.2. BELEGGINGSINKOMSTE UIT BELASTINGTOEVLUGSOORDE

Artikel 9E bepaal dat alle buitelandse dividende belas word in die hande van 'n inwoner van die Republiek. Een van die uitsluitings vervat in artikel 9E(7)(d) is dié van dividende verklaar uit winste wat reeds in 'n aangewese land aan belasting van mintens 27 persent (en minstens 13,5 persent in die geval van kapitale winste) onderhewig was.

Vir dividende vanaf belastingtoevlugsoorde om dus aan hierdie vereistes te voldoen moet die belastingtoevlugsoorde eerstens ingesluit wees in die lys van aangewese lande wat verskaf word in afdeling 2.2.10 en 'n minimum maatskappybelastingkoers moet in die belastingtoevlugsoord gehef word teen ten minste 27 persent (en minstens 13,5 persent in die geval van kapitale winste).

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na een van elk van die drie tipes belastingtoevlugsoorde wat in 5.1. verskaf word, naamlik die Bahamas, Hong Kong en die Kanaaleilande. Daar word vasgestel hoe buitelandse dividende vanaf elk van hierdie lande hanteer word. Hierdie drie belastingtoevlugsoorde verteenwoordig dus die drie klasse van belastingtoevlugsoorde, geklassifiseer volgens die tipe belastingstelsel wat in elk van die klasse aangetref word (sien 5.1).

5.2.1 Bahamas

Die Bahamas is nie 'n aangewese land soos deur die Minister bekend gemaak op 1 September 2000 nie, dus sal buitelandse dividende verdien uit die Bahamas nie kwalifiseer vir vrystelling van belasting nie.

Daar bestaan geen persoonlike inkomstebelasting, belasting op winste, korporatiewe belasting of kapitaalwinsbelasting in die Bahamas nie. Die inkomste van die regering van die Bahamas word hoofsaaklik verdien deur middel van belasting op invoere, seëlregte en sekere besigheidslisensiefooie (Grundy & Walters, 1983 : 14).

Buitelandse dividende ontvang vanaf die Bahamas is nie onderhewig aan terughoubelasting nie (Grundy & Walters, 1983 : 15). Indien 'n Suid-Afrikaanse inwoner dus 'n buitelandse dividend ontvang vanaf die Bahamas, sal dit die bruto bedrag van die dividend wees, en geen terughoubelasting of korporatiewe belasting word teruggetel nie (sien 2.3.1). Die bedrag wat dan ingesluit word in die bruto inkomste van die inwoner sal afhang van die persentasie belang wat die inwoner in die maatskappy in die Bahamas hou.

5.2.2 Hong Kong

Hong Kong is nie 'n aangewese land nie en buitelandse dividende ontvang vanaf maatskappye in Hong Kong is dus belasbaar in Suid Afrika. Die voordeel van Hong Kong is dat dit nie 'n belastinghawe in die ware sin van die woord is nie. Belasting word gehef op Hong Kong-broninkomste en sekere inkomste wat verkry word uit Hong Kong. Die belastingkoers beloop tans 15 persent vir individue en 16 persent vir korporatiewe entiteite.

Hong Kong se handelsvryheid, beperking van belasting tot Hong Kong-broninkomste en sy plek as leidende finansiële-, vervaardigings- en handels-sentrum in Suidoos-Asië, maak dit moontlik vir beleggers om ondernemings met geldige besigheidsdoelwite daar te vestig (Ginsberg, 1997 : 533).

Vir buitelandse beleggers in Hong Kong is die grootste voordeel die afwesigheid van belasting op inkomste wat buite Hong Kong verdien word (Diamond & Diamond, 2002 : HONG KONG-1).

Belasting op winste word slegs gehef ten opsigte van individue, vennootskappe of maatskappye wat 'n besigheid in Hong Kong bedryf, en

slegs op daardie winste wat uit 'n Hong Kong bron verdien word (Ginsberg, 1997 : 546).

Dividende is vrygestel van belasting indien dit betaal word uit korporatiewe winste wat reeds aan belasting op winste onderhewig was (Diamond & Diamond, 2002 : HONG KONG-3).

Daar word dus geen terughoubelasting gehef nie en die berekening van die bedrag van buitelandse dividend wat in die bruto inkomste van 'n inwoner van die Republiek ingesluit word, word dus op dieselfde manier gedoen as in die geval van buitelandse dividende van die Bahamas (sien 2.3.2).

5.2.3 Die Kanaaleilande

Die Kanaaleilande bestaan uit die Bailiwicks van Guernsey, Jersey, Alderney, Sark en ander kleiner eilande, geleë in die Engelse Kanaal noordwes van Frankryk (Grundy & Walters, 1983 : 49).

Inkomstebelasting word gehef teen 20 persent op beide individue en maatskappye. Daar bestaan geen kapitaalwinsbelasting, boedel- of skenkingsbelasting nie. Geen belasting op toegevoegde waarde word gehef nie en 'n paar indirekte belastings word gehef teen 'n baie lae koers. In Sark is daar egter geen inkomstebelasting nie. Nie-inwoners van die Kanaaleilande betaal belasting op winste wat ontstaan in die Kanaaleilande, byvoorbeeld inkomste van eiendom of van 'n besigheid geleë in die Kanaaleilande (Ginsberg, 1997 :431).

Geurnsey en Jersey hef terughoubelasting teen die standaardkoers van 20 persent op dividende wat betaal word aan nie-inwoners deur maatskappye beheer deur Jersey inwoners. Hierdie terughoubelasting word verreken teen die maatskappybelasting betaalbaar deur die Jersey maatskappy (Ginsberg, 1997 : 423). Belasting betaal op die dividend moet dus teruggetel word in die berekening van die bedrag van buitelandse dividend wat by die bruto inkomste van 'n Suid-Afrikaanse inwoner ingesluit word.

Die Suid-Afrikaanse inwoner sal nie geregtig wees op 'n krediet in terme van artikel 6*quat* nie (sien 7.2.3), aangesien hierdie artikel spesifiek nie krediet toestaan ten opsigte van enige belasting waarop enige persoon (nie net die inwoner nie) 'n reg van verhaling het nie. Aangesien die terughoubelasting verreken word teen die maatskappybelasting wat deur die Jersey maatskappy betaal is, is daar dus 'n eis van verhaling deur die Jersey maatskappy, welke geval dit veroorsaak dat die inwoner nie geregtig is op 'n artikel 6*quat* korting nie (sien 7.3.2).

5.3 DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP DIE BELEGGINGSBESLUITE VAN SUID-AFRIKAANSE INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA BELEGGING IN BELASTING-TOEVLUGSOORDE DEUR NATUURLIKE PERSONE

Beleggingsbesluite moet die na-belasting opbrengs van beleggings oorweeg, aldus Seccombe (2002). Die diffirensiale tussen opbrengste uit aangewese lande en nie-aangewese lande is wesenlik en daar word wegbeweeg van tradisionele belastingtoevlugsoorde na aangewese lande. Daar is ook 'n neiging na winsterughouding eerder as dividendverklaring deur maatskappye.

In die geval van klein beleggers, dus hoofsaaklik natuurlike persone, het die onstabiliteit in die buitelandse ekwiteitsmark 'n groter impak gehad op die differensiaal tussen belasbare buitelandse dividende en vrygestelde plaaslike dividende.

Volgens Seccombe (2002) is intensiewe belastingbeplanning steeds nodig en kan dit steeds effektief gedoen word, indien gekyk word na lande soos die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika, waar daar al jare lank belasting op buitelandse dividende gehef word en belastingbeplanning voortdurend gedoen word. Belastingbeplannning word nou gedoen om 'n verlaging in die effektiewe belastingkoers van beleggers daar te stel, eerder as 'n poging om vrygestelde inkomste te ontvang.

Belasting op buitelandse dividende sal slegs daardie belastingpligtiges wat die belastingwette nakom, se beleggingsbesluite beïnvloed. Daar is steeds vele individue wat nie buitelandse inkomste verklaar nie, en dus nie deur die wetgewing geraak word nie. Indien buitelandse dividende dus ontvang word vanaf belastingtoevlugsoorde waar geen belasting of minimale belasting daarop gehef is, is sodanige dividend ook nie in Suid Afrika aan belasting onderhewig indien dit nie deur die belastingpligtige aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verklaar word nie. Soos later gesien sal word, is die Suid-Afrikaanse Inkomstediens grootliks afhanklik van belastingpligtiges om buitelandse dividendinkomste te verklaar.

Belastingtoevlugsoorde het verdere voordele, naamlik dat daar net aan die belasting in Suid Afrika gedink hoef te word. Daar was egter 'n afname in die gebruik van belastingtoevlugsoorde in die geval van wettige beleggingsbeplanning, maar buitelandse trusts kan steeds gebruik word om byvoorbeeld boedelbelasting te minimeer (Seccombe, 2002).

Afgesien van die "aangewese land-toets" wat hierbo bespreek is (sien 2.2.10) moet die ander vrystellings ingevolge artikel 9E(7) oorweeg word. Moontlike vrygestelde buitelandse dividende vanaf entiteite in belastingtoevlugsoorde is waar die buitelandse dividend verklaar word uit winste uit 'n belastingtoevlugsoord, waar dit bestaan uit inkomste wat reeds in terme van artikel 9D(2) (toeskrywing van inkomste) in inkomste ingesluit is (artikel 9E(7)(e)(i)).

Laasgenoemde beteken dat die inwoner alreeds belas is op die inkomste voordat die dividend verklaar is, dus toe die inkomste aan die buitelandse entiteit toegeval het en aan die inwoner toegeskryf is ingevolge artikel 9D(2) (sien 3.2.3).

Artikel 9E(7)(c) se vereistes behels dat die maatskappy op die Suid-Afrikaanse effektebeurs genoteer is en die aandeelhouer minder as 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal hou terwyl ander inwoners minstens 10 persent hou. Hierdie vrystelling sal onwaarskynlik op maatskappye in

belastingtoevlugsoorde van toepassing wees, aangesien die meerderheid van sodanige maatskappye daar geregistreer is juis om nie verplig te word om aan die vereistes van notering op 'n beurs te voldoen nie.

Artikel 9E(8A) is die verdere vrystelling wat deur die Minister toegestaan kan word, maar daar moet dan aan die vereistes van hierdie artikel voldoen word (sien 2.3.7)

5.3.1 Samevatting

Dit wil voorkom of belegging in entiteite in belastingtoevlugsoorde of buitelandse sentrums nie altyd die aangewese roete sal wees om te volg nie, aangesien buitelandse dividende wat vanaf sodanige entiteite deur 'n inwoner ontvang word belasbaar sal wees in Suid Afrika indien die buitelandse dividend nie kwalifiseer vir uitsluiting in terme van artikel 9E(7) nie (sien 2.2.10 en 5.3).

Wettige beleggingsbeplanning gebruik belastingtoevlugsoorde in mindere mate ten opsigte van buitelandse dividendinkomste en daar word wegbeweeg van belastingtoevlugsoorde na aangewese lande. Laasgenoemde vind hoofsaaklik plaas aangesien aangewese lande gewoonlik 'n beter opbrengs op belegging beloof en nie as gevolg van die belasbaarheid van buitelandse dividende ontvang van nie-aangewese lande, nie (Seccombe, 2002).

HOOFSTUK 6

DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP NIE-INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA MIGRASIE- EN BELEGGINGSBESLUITE

6.1. INLEIDING 48

6.2. DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP NIE-INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA MIGRASIE- EN BELEGGINGSBESLUITE 48

6.2.1. Samevatting 49

HOOFSTUK 6

DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP DIE NIE-INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA MIGRASIE- EN BELEGGINGSBESLUITE

6.1. INLEIDING

Uit 'n oorhoofse ondersoek deur PriceWaterhouseCoopers na hul kliënte is gevind dat ekonomies-aktiewe immigrante na Suid Afrika gemiddeld tot R2 miljoen per jaar in die Suid-Afrikaanse ekonomie kan belê. Sodanige belegging is voordelig vir die Suid-Afrikaanse ekonomie en werk word geskep vir gemiddeld vyf Suid-Afrikaners per immigrant wat fondse hier belê. Sodanige vorm van ekonomiese aktiwiteit moet aangemoedig word en nie weggedryf word nie (Louw, 2002 : 2).

6.2. DIE INVLOED VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE OP NIE-INWONERS, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA MIGRASIE- EN BELEGGINGSBESLUITE

Na die mening van Seccombe (2002) het die invoeging van artikel 9E in die Inkomstebelastingwet 'n nadelige uitwerking gehad op voornemende immigrante na Suid Afrika. Belasting op buitelandse dividende het ook veroorsaak dat immigrante na Suid Afrika hul betrokkenheid in Suid Afrika verwyder het of verminder het, terwyl ander hul beleggingsportefeuljes herstruktureer het.

In terme van die fisiese teenwoordigheidsreëls van artikel 1 (sien 2.2.2.1.2), waar die definisie van 'n "inwoner" gegee word, is daar 'n nadelige uitwerking op nie-inwoners wat sekondeer word na Suid Afrika vir korter of langer periodes, veral wat die belasbaarheid van buitelandse dividende deur sodanige nie-inwoners ontvang, betref (Seccombe, 2002).

Die fisiese teenwoordigheidsreëls (sien 2.2.2.1.2) behels dat, indien 'n persoon nie gewoonlik woonagtig is in Suid Afrika nie, die aantal dae wat die persoon fisies in Suid Afrika teenwoordig is in 'n betrokke belastingjaar en die drie jare wat die huidige belastingjaar voorafgaan, kan veroorsaak dat die persoon as inwoner klassifiseer word en op die verblyfbasis en nie die bronbasis nie, belas word.

6.2.1. Samevatting

Die belasbaarheid van buitelandse dividende in die hande van Suid-Afrikaanse inwoners mag 'n nadelige invloed te hê op migrasiebesluite van nie-inwoners, veral aangesien hul as inwoners klassifiseer word indien hulle Suid Afrika hul gewone plek van verblyf maak of indien hul as inwoners van Suid-Afrika klassifiseer word as gevolg van hul fisiese teenwoordigheid in Suid Afrika. Dit mag veroorsaak dat Suid Afrika hierdie belangrike bron van belegging en finansiering in die toekoms verloor.

HOOFSTUK 7

VERLIGTING TEN OPSIGTE VAN DUBBELBELASTING

7.1. INLEIDING 51

7.2. DUBBELBELASTINGOOREENKOMSTE 52

7.3. BUITELANDSE BELASTINGKREDIETE – ARTIKEL 6*quat* EN ARTIKEL 9E(6) 53

7.3.1. Artikel 9E(6) 53

7.3.2. Artikel 6*quat* 54

HOOFSTUK 7

VERLIGTING TEN OPSIGTE VAN DUBBELBELASTING

7.1. INLEIDING

Aangesien Suid Afrika, soos baie ander lande belasting volgens die verblyfgrondslag hef, is daar dikwels 'n dubbelbelastingprobleem wanneer 'n persoon in een land woonagtig is en inkomste in 'n ander verdien (Huxham & Haupt, 2001 : 260 – 261). Dubbelbelasting kan ook verder ontstaan as gevolg van die feit dat 'n persoon geag word gelyktydig 'n inwoner te wees van meer as een land (Vogel, 1991 : 2).

Huidige internasionale wetgewing laat die heffing van belasting op buitelandse ekonomiese transaksies toe indien daar voldoende verbintenis bestaan tussen die belastingpligtige en die staat wat die belasting hef, aldus deur middel van onder andere woonagtigheid, burgerskap, ligging van kapitaal (Vogel, 1991 : 3).

Suid Afrika het vir jare van aanslag beginnende vanaf 1 Januarie 2001 'n belastinggrondslag aangeneem het wat 'n kombinasie is tussen die bron- en verblyfgrondslag is. Suid-Afrikaanse inwoners word op 'n verblyfgrondslag belas, en dit is noodsaaklik dat die probleem van internasionale dubbelbelasting opgelos word. Nie-inwoners word belas op inkomste van 'n Suid-Afrikaanse bron of wat geag word van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees.

Internasionale dubbelbelasting kan omskryf word as die oplegging van vergelykbare belastings in twee of meer lande op dieselfde belastingpligtige ten opsigte van dieselfde onderwerp (inkomste) (Huxham & Haupt, 2002 : 277).

Daar is twee hooftipes verligting wat verleen kan word aan belastingpligtiges indien dubbelbelasting betaal word. Die eerste is eensydige besparing, wat deur een land verleen kan word deur byvoorbeeld vrystelling van belasting

van buitelandse inkomste, 'n belastingkrediet toe te staan van buitelandse belasting betaal op buitelandse inkomste (sien 7.3.2), belastingaftrekking van die buitelandse belasting teen die plaaslike belastingbasis en 'n vermindering in die belastingkoers van toepassing op buitelandse inkomste. Die tweede vorm van verligting is bilaterale verligting, waar verskillende lande dubbel belastingooreenkomste aangaan (Ogley, 1994 : 32).

7.2. DUBBELBELASTINGOOREENKOMSTE

Baie dubbelbelastingooreenkomste wat aangegaan word, word op die OECD-model baseer. Alhoewel Suid Afrika nie 'n lid van die OECD is nie, volg dit gereeld die OECD riglyne aangesien dit as belangrik en invloedryk beskou word (Huxham & Haupt, 2002 : 277).

Die OECD-model (1992) bevat 30 artikels wat oor 'n verskeidenheid van onderwerpe handel en die hantering van dividendinkomste word vervat in artikel 10. Artikel 10 van die OECD-model bepaal dat dividende wat deur 'n maatskappy in een land aan 'n aandeelhouer in 'n ander land betaal word in die land waar die aandeelhouer woonagtig is, belas word. Die ooreenkoms laat die land waar die maatskappy woonagtig is toe om 'n belasting van tot 15 persent van die dividend terug te hou. Waar die aandeelhouer 'n maatskappy is wat direk minstens 10 persent van die stemreg van die maatskappy besit wat die dividend betaal, word die terughoubelasting tot 5 persent verminder (Huxham & Haupt, 2002 : 282). Die belastingpligtige inwoner betaal dus normale belasting op die dividende in sy eie land, asook terughoubelasting in die land waar die dividend verklaar word. Die inwoner sal egter ook kwalifiseer vir 'n korting van buitelandse terughoubelasting betaal ingevolge artikel 6*quat* (sien 7.3.2).

Suid Afrika het Januarie 2002 reeds ooreenkomste met die volgende lande gesluit :

Algerië, Australië, België, Botswana, Ciprus, Denemarke, Duitsland, Egipte, Finland, Frankryk, Grenada, Hongarye, Indië, Indonisië, Iran, Ierland, Italië,

Israel, Japan, Kanada, Korea, Kroasië, Lesotho, Luxemburg, Malawi, Malta, Mauritius, Namibië, Nederland, Noorweë, Oostenryk, Pakistan, Pole, Romenië, Russiese Federasie, Seychelles, Sierra Leone, Singapoer, Sjina, Slowakye, Swaziland, Swede, Switserland, Tanzanië, Thailand, Tjeggiese Republiek, Tunisië, Uganda, Verenigde Koninkryk, Verenigde State van Amerika, Zambië, Zimbabwe (Meyerowitz, 2002 : A-603 – B-7).

7.3. BUITELANDSE BELASTINGKREDIETE – ARTIKEL 6*quat* EN ARTIKEL 9E(6)

Ingevolge die bepalings van artikel 9E, sal 'n inwoner belas word op die totaal van die buitelandse dividend ontvang, die buitelandse maatskappybelasting en die buitelandse terughoubelasting, afhangende van die grootte van die inwoner se belang (behalwe waar die inwoner verkies om op die netto bedrag belas te word). Die buitelandse maatskappybelasting en terughoubelasting sal dan as 'n krediet toegestaan word teen die Suid-Afrikaanse belastingaanspreeklikheid ten opsigte van die buitelandse dividend (PriceWaterhouseCoopers, 2000 : 8).

'n Korting kan slegs geëis word indien buitelandse belasting wel betaal is, dus indien daar 'n buitelandse belastingaanspreeklikheid was (sien 2.3.1).

7.3.1. Artikel 9E(6)

Artikel 9E bepaal dat die bedrag van buitelandse dividend wat ingesluit moet word in die inkomste van 'n inwoner, die bruto bedrag moet wees van die dividend en die buitelandse maatskappybelasting betaal op die winste en enige terughoubelasting wat op die dividend betaal is (in die geval van 'n belang van minstens 10 persent), of die bruto bedrag van die dividend en die terughoubelasting betaal op die dividend (in die geval van 'n portefeulje belang of 'n belang van minder as 10 persent), tensy die inwoner verkies om die netto bedrag van die dividend in te sluit ingevolge artikel 9E(6). In laasgenoemde geval sal die inwoner dan nie 'n krediet teen normale belasting

kan eis soos deur artikel 6*quat* voorsien nie (PriceWaterhouseCoopers, 2000 : 8).

7.3.2. Artikel 6*quat*

Artikel 6*quat* is 'n artikel wat daarop gemik is om verligting te verleen ten opsigte van dubbelbelasting, deur 'n korting toe te staan ten opsigte van enige buitelandse belasting wat ten opsigte van dieselfde inkomste betaal is.

Artikel 6*quat*(1) bepaal dat enige inwoner of enige aandeelhouer wat 'n inwoner is, soos in artikel 9E omskryf (sien 2.2.2), in wie se belasbare inkomste daar ingesluit is enige buitelandse dividend in artikel 9E bedoel (sien 2.3.1), 'n korting ooreenkomstig hierdie artikel bepaal, verreken kan word teen sy normale belastingaanspreeklikheid (Huxham & Haupt, 2002 : 273).

Die korting behels die buitelandse belasting betaal ten opsigte van die inkomste, en word bereken deur die toepassing van artikel 6*quat*(1A).

Die korting is gelyk aan enige buitelandse belasting op inkomste betaalbaar sonder enige reg van verhaal van enige land behalwe die Republiek deur 'n aandeelhouer ten opsigte van enige dividend (beoog in artikel 9E) en enige maatskappy ten opsigte van enige winste waaruit die dividend verklaar is (Huxham & Haupt, 2002 : 273).

Die totale bedrag van buitelandse belastings word verreken teen die Suid-Afrikaanse belasting, onderworpe aan sekere beperkings, soos hierna bespreek. Indien daar nie 'n Suid-Afrikaanse belastingaanspreeklikheid is nie, sal die korting nie aangewend word nie, maar oorgedra word na die daaropvolgende jaar van aanslag.

Artikel 6*quat*(1B) plaas 'n beperking op die bedrag van die korting. Dit behels dat die korting nie groter mag wees nie as die kleinste van die buitelandse belasting op die inkomste betaal of betaalbaar en die Suid-Afrikaanse normale

belasting toeskryfbaar aan die insluiting van die buitelandse inkomste by totale belasbare inkomste. (Huxham & Haupt, 2002 : 274).

Indien die buitelandse belasting die korting te bowe gaan, mag sodanige oorskot oorgedra word na die volgende jaar van aanslag, waar dit teen Suid-Afrikaanse belasting op buitelandse inkomste verreken kan word. Hierdie oordrag mag plaasvind vir 'n maksimum van sewe jaar, vanaf die jaar waarin dit die eerste keer oorgedra is.

In 'n enkele geval word die korting nie beperk nie, maar kan die korting verreken word teen totale Suid-Afrikaanse normale belasting. Hierdie uitsondering vind plaas waar 'n inwoner in 'n vorige jaar van aanslag belas is op buitelandse inkomste in terme van artikel 9D (sien 3.2.3) en die inwoner geen artikel 6*quat* korting ten opsigte van buitelandse belasting geëis het nie. Indien die beheerde buitelandse entiteit in 'n volgende jaar van aanslag 'n dividend uit eersgenoemde buitelandse inkomste verklaar, kan die inwoner sodanige buitelandse belasting (voorheen betaal op die artikel 9D inkomste) ten volle teen totale Suid-Afrikaanse normale belasting verreken (Huxham & Haupt, 2002 : 275).

HOOFSTUK 8

DIE VERBAND TUSSEN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE EN SEKONDêRE BELASTING OP MAATSKAPPYE

8.1. INLEIDING 57

8.2. ARTIKEL 64B(3) 57

8.3. ARTIKEL 64C(3) 58

HOOFSTUK 8

DIE VERBAND TUSSEN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE EN SEKONDêRE BELASTING OP MAATSKAPPYE

8.1. INLEIDING

Buitelandse dividende moet oorweeg word by die berekening van normale belasting, vir alle belastingpligtiges, asook by die berekening van sekondêre belasting op maatskappye (SBM) in die geval van maatskappye.

8.2. ARTIKEL 64B(3)

Artikel 64B(3) (sekondêre belasting op maatskappye) bepaal die berekening van die netto bedrag van dividende waarop 'n maatskappy SBM betaal. Hierdie artikel bepaal dat SBM bereken moet word op die bedrag waarmee dividende verklaar deur die maatskappy in 'n betrokke dividendsiklus die dividende ontvang of toegeval aan die maatskappy oorskry. Buitelandse dividende ontvang ingevolge artikel 9E word spesifiek hierby uitgesluit, behalwe daardie buitelandse dividende wat ingevolge artikel 9E(7)(c), (d), (e) (ii) (iii) (iv), (f) (sien 2.3.5) en artikel 9E(8A) (sien 2.3.7) vrygestel is (Danziger & Cronjé, 2002 : 310).

In soverre buitelandse dividende, ontvang of toegeval, belasbaar is vir normale belastingdoeleindes, sal geen aftrekking toegelaat word van die buitelandse dividend in die berekening van die netto bedrag vir SBM-doeleindes nie. In sover die buitelandse dividend, ontvang of toegeval, vrygestel is van normale belasting, is dit aftrekbaar in die berekening van die netto bedrag vir SBM-doeleindes. 'n Uitsondering op hierdie reël is waar 'n dividend toeval aan 'n inwoner vanaf 'n beheerde buitelandse entiteit en die onderliggende winste alreeds aan die inwoner toegeskryf is in terme van artikel 9D(2) (sien 3.2.3). Laasgenoemde dividend sal dan nie aftrekbaar wees in die berekening van SBM nie (PriceWaterhouseCoopers, 2000 : 9).

8.3. ARTIKEL 64C(3)

Artikel 64C(3) behels dat sekere uitkerings wat geag dividende te wees (sien 3.5). 'n Maatskappy wat dus sodanige uitkerings doen sal hierdie bedrae in berekening moet bring by die berekening van die netto bedrag van dividende waarop SBM betaalbaar is. Hierdie geagte uitkerings sal dus deel vorm van dividende verklaar wanneer SBM bereken word.

HOOFSTUK 9

DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE

9.1. INLEIDING 60

9.2. METODES GEBRUIK DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS IN DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE 60

9.3. MOONTLIKE PROBLEME MET DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS 61

9.3.1. Samevatting 62

HOOFSTUK 9

DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE

9.1. INLEIDING

Belasting op belasbare buitelandse dividende word gehef in terme van artikel 9E van die Inkomstebelastingwet, No.58 van 1962 en sodanige inkomste word dus ingesluit in die berekening van belasbare inkomste.

9.2. METODES GEBRUIK DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS IN DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE

Normale belasting word gevorder op belasbare buitelandse dividende in die vorm van voorlopige belastingbetalings en deur middel van aanslae (PriceWaterhouseCoopers, 2000 : 8). Die belastingpligtige word op grond van die inligting wat deur hom in sy opgawe verskaf word, aangeslaan en 'n aanslag word aan hom gestuur (Huxham & Haupt, 2002 : 441).

Artikel 66 van die Wet maak voorsiening dat die Kommissaris jaarliks ingevolge openbare kennisgewing sal aankondig dat alle persone wat vir belasting aanspreeklik is binne 60 dae 'n opgawe sal indien (Huxham & Haupt, 2002 : 440).

Buitelandse dividende moet in berekening gebring word in die beraming van belasbare inkomste vir jare van aanslag wat op of na 29 Februarie 2000 eindig. Slegs buitelandse belasting betaal op die buitelandse dividend teen die datum van die voorlopige belastingberekening, mag geëis word as aftrekking in die berekening van die voorlopige belasting (Price WaterhouseCoopers, 2000 : 8).

Die opgawe vir die betaling van voorlopige belasting (IRP-6), maak voorsiening vir die aftrekking van voorlopige belasting van buitelandse

belasting betaal. Die jaarlikse belastingopgawe (IB-12 vir individue of IB-14 vir nie-natuurlike belastingpligtiges) maak ook daarvoor voorsiening dat belastingpligtiges hul inkomste uit buitelandse dividende verklaar deur sodanige bedrae te verstrek in die opgawe.

9.3. MOONTLIKE PROBLEME MET DIE INVORDERING VAN BELASTING OP BUITELANDSE DIVIDENDE DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is grootliks afhanklik van belastingpligtiges om inkomste in die vorm van buitelandse dividende te verklaar, aldus Keyser (2002) en Seccombe (2002). Indien plaaslike entiteite kliënte se fondse in die buiteland belê, sal die entiteit aan die einde van elke jaar van aanslag 'n vorm, naamlik 'n IB 3, aan beide die belastingpligtige en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens stuur. Hierdie vorm moet verskaf word ingevolge artikel 70 van die Wet en bevat inligting aangaande die belegging in die buiteland asook die bedrag van buitelandse dividende wat hierop deur die kliënt verdien is (Danziger & Cronjé, 2002 : 326).

In sodanige geval word die Suid-Afrikaanse Inkomstediens in kennis gestel van buitelandse dividendinkomste deur 'n party wat onafhanklik is van die belastingpligtige en kan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens stappe neem teen die belastingpligtige indien laasgenoemde nie sodanige inkomste in sy jaarlikse belastingopgawe verklaar nie.

Die situasie verskil egter indien belegging van fondse direk deur die belastingpligtige in die buiteland gedoen word byvoorbeeld deur die gebruik van buitelandse trusts waarby 'n Suid-Afrikaanse entiteit nie betrokke is nie. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het geen jurisduksie oor entiteite in die buiteland nie en sodanige buitelandse entiteite word nie verplig om IB 3-vorms te verskaf nie (Keyser, 2002). In sodanige gevalle is dit vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens problematies om te wete te kom van buitelandse dividendinkomste indien dit nie deur die kliënt is sy jaarlikse belastingopgawe verklaar word nie.

Die IB12 – vorm van die 2002 belastingjaar vereis net die openbaarmaking van die totaal van binnelandse bates en laste sonder enige besonderhede van individuele items. Verder moet 'n totaal van buitelandse bates en laste gemeld word, met 'n gedetailleerde beskrywing van alle buitelandse bates. Belastingbetalers moet dus besonderhede van al hul buitelandse bates verstrek. In die 2003 belastingjaar sal alle belastingbetalers 'n staat van plaaslike en buitelandse bates moet voorlê ingevolge die jongste wysigings aan die Inkomstebelastingwet. Dié wysigings gee aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens die bevoegdheid om die belasbare inkomste afkomstig uit enige buitelandse bate te raam indien 'n inwoner nie sy buitelandse bates verklaar het nie. Dié raming is 'n persentasie van die geraamde waarde van die betrokke bates, bereken teen die amptelike rentekoers van 11,5% (Loftie-Eaton, 2002 : 32).

9.3.1. Samevatting

Die invordering van belasting op buitelandse dividende word moontlik gemaak deur bestaande invorderingstelsels en die administrasie daarvan blyk nie 'n probleem te wees nie. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is egter grootliks afhanklik van belastingpligtiges om sodanige inkomste, en die bates waaruit sodanige inkomste voortspruit, te verklaar in jaarlikse belastingopgawes. Indien belastingpligtiges versuim om sodanige inkomste en bates te verklaar, bestaan die moontlikheid dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nie bewus sal wees van sodanige inkomste nie, indien laasgenoemde nie in kennis gestel word van sodanige inkomste deur byvoorbeeld 'n onafhanklik entiteit nie of deur middel van alternatiewe metodes nie.

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die hoofdoel van hierdie werkstuk was om die hoogs gekompliseerde bepalings van artikel 9E van die Inkomstebelastingwet, No.58 van 1962 te ondersoek en die interaksie van hierdie artikel met ander artikels in die Wet te ontleed.

Die gebruik van belastingtoevlugsoorde, deur spesifiek natuurlike persone, is ondersoek en belastingbeplanning blyk slegs lonend te wees indien dit intensief gedoen word en alle aspekte van die belegger se portfeulje in ag geneem word, aangesien buitelandse dividende vanaf belastingtoevlugsoorde wel belasbaar sal wees indien nie aan die vereistes van artikel 9E(7) en artikel 9E(8A) voldoen word nie (die vrygestelde buitelandse dividende).

Nie-inwoners word moontlik nadelig beïnvloed deur die feit dat buitelandse dividende in Suid Afrika belas word, indien hul oorweging skenk aan migrasie na Suid Afrika, naamlik dat hul waarskynlik 'n deel van hul buitelandse inkomste sal moet afstaan in die vorm van belasting. Nie-inwoners wat hierheen sekondeer word as gevolg van beroepsvereistes, word verder nadelig beinvloed deur die fisiese teenwoordigheidsreëls van artikel 1 (sien 2.2.2.1.2). Die beleggingsbesluite van nie-inwoners mag egter tot 'n mindere of meerdere mate beinvloed word deur ander ekonomiese veranderlikes soos wisselkoerse, politieke onrus en die werklike opbrengskoers van beleggings.

Dubbelbelasting op buitelandse dividende word vermy deur middel van eensydige en bilaterale belastingverligting, naamlik artikel 6*quat* (sien 7.3.2) en dubbelbelastingooreenkomste wat Suid Afrika reeds met sekere lande gesluit het.

Daar vind voldoende interaksie plaas tussen artikel 9E en die sekondêre belasting op maatskappye-bepalings deurdat belasbare buitelandse dividende

nie aftrekbaar is in die berekening van netto bedrag vir sekondêre belasting op maatskappye-doeleindes nie, en andersom.
Die invordering van belasting op buitelandse dividende blyk nie 'n probleem te wees nie, aangesien geen spesiale opgawes voltooi hoef te word nie, maar die belasting ingevorder word deur middel van die normale jaarlikse belastingopgawe en voorlopige belastingbetalings, waarvoor daar reeds gevestigde invorderingstelsels bestaan. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is egter grootliks afhanklik van belastingpligtiges om sodanige inkomste te verklaar in jaarlikse belastingopgawes. Indien belastingpligtiges versuim om sodanige inkomste te verklaar, bestaan die moontlikheid dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nie bewus sal wees van sodanige inkomste nie.

Die gevolgtrekking waartoe dus gekom word na aanleiding van hierdie studie is dat artikel 9E internasionaal aanvaarbaar is en die praktiese toepassing daarvan nie problematies blyk te wees nie. Belasting op buitelandse dividende mag 'n invloed hê op die beleggingsbesluite van inwoners deurdat daar wegbeweeg word van belegging in belastingtoevlugsoorde na aangewese lande. Nie-inwoners blyk ook beïnvloed te word deur belasting op buitelandse dividende deurdat dit hul beleggingsportefeulje beinvloed en buitelandse dividende in hul hande belas word indien die fisiese teenwoordigheidsreëls (sien 2.2.2.1.2) nagekom word (Seccombe, 2002).

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is egter grootliks afhanklik van belastingpligtiges om hul buitelandse dividendinkomste te verklaar, asook hul buitelandse bates en daar behoort noukeurig ondersoek ingestel word na alternatiewe metodes om van sodanige inkomste kennis te neem.

BRONNELYS

LYS VAN BOEKE, TYDSKRIFTE EN WEBWERWE

Arendse, J.A. et al. 2001 : **Silke : Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting.** Durban : Butterworths.

Basson, D 2002 : **Trapskrum : Belastingskanse het klaarblyklik nuwe era betree**.http://www.news24.com/Sake. 9 September 2002.

Basson, D 2002 : **Trapskrum : Belastingskanse het klaarblyklik nuwe era betree**.http://www.news24.com/Sake. 16 September 2002.

Danziger, E. & Stack, E.M 2002 : **Belastinghandboek.** Durban : Butterworths.

Diamond, W.H. & Diamond, D.B 2002 : **Tax Havens of the World.** San Fransisco : LexisNexis.

Ernst & Young 2000 : **Taxation of foreign dividends.** In Touch. A.

Ernst & Young 2000 : **International Tax, Foreign dividends – Exempt Countries.** In Touch. B.

Ginsberg, A 1997 : **International Tax Havens.** Durban : Butterworths.

Grundy, M & Walters, J 1983 : **Grundy's Tax Havens : A World Survey.** Londen : Sweet & Maxwell.

Huxham, K & Haupt, P 2002 : **Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomsteblasting.** Kaapstad : H&H Publishing.

Keyser, N. Senior Amptenaar : Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Inligting verskaf deur middel van telefoongesprek op 19 Augustus 2002.

KPMG 2000 : **Taxation of foreign dividends.** Taxation 2000-2001, 52.

Loftie-Eaton, M 2002 : Belasting : Speel liefs oop kaarte. **Finansies en Tegniek.** 26 Julie 2002, 32.

Louw, J.J 2000 : **Taxation of foreign dividends.** http://www.pmg.org. 15 Mei 2000.

Meyerowitz, D 2002 : **Meyerowitz on Income Tax.** Double Taxation Agreement. Cape Town : The Taxpayer.

Odendal, F.F. & Schoonees, P.C. & Swanepoel, C.J. & Du Toit, S.J. & Booysen, C.M 1997 : **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** Midrand : Perskor Uitgewery.

Ogley, A 1994 : **The Priciples of International Tax** : Interfisc Publishing.

Olivier, L 2000 : **Taxation of foreign dividends.** Synopsis : PriceWaterhouse-Coopers. Augustus 2000.

Parliamentary Monitoring Group 2000 : **Explanatory Memorandum on the Taxation Laws Amendment.** http:.//www.pmg.org.za. 26 Mei 2000.

PersonalWealth Quarterly 1999 : **Planning is essential.** http://www.fm.co.za. 14 October 1999.

PriceWaterhouseCoopers 2000 : **Public Submissions on Taxation Laws Amendment Draft Bill.** http://www.pmg.org.za. 26 Mei 2000.

Seccombe, A.D. Director : International Tax : PriceWaterhouse Coopers. Inligting verskaf deur middel van elekroniese media op 26 Augustus 2002.

SUID-AFRIKAANSE HOFBESLISSINGS

Cohen v Commissioner for Inland Revenue 1946 AD 174 (13 SATC 362)

Commissioner for Inland Revenue v Kuttel 1992 SA 242(A) (54 SATC 298)

Bylae A

ARTIKEL 9E. Belasting van buitelandse dividende.-(1) By die toepassing van hierdie artikel beteken-

"aangewese land"

'n land deur die Minister in subartikel (8) aangewys; (Danziger & Cronjé, 2002: 91).

"beheerde maatskappy"

'n maatskappy met betrekking waartoe 'n ander maatskappy die beherende maatskappy is; (Danziger & Cronjé, 2002 : 91).

"beherende maatskappy"

met betrekking tot 'n ander maatskappy, 'n maatskappy wat 'n inwoner is en wat vir sy eie voordeel hetsy direk of indirek deur een of meer maatskappye in die groep van maatskappye waarvan al die betrokke maatskappye 'n deel uitmaak, aandele in bedoelde ander maatskappy besit wat ten minste 75 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van bedoelde ander maatskappy uitmaak; (Danziger & Cronjé, 2002 : 91).

"buitelandse dividend"

enige dividend ontvang deur of toegeval aan 'n persoon vanaf 'n maatskappy, in die mate wat die dividend verklaar is uit winste deur bedoelde maatskappy uit 'n bron buite die Republiek verkry wat nie geag word van 'n bron binne die Republiek te wees nie, of uit winste wat geag word van 'n bron binne die Republiek te wees en wat nie onderhewig is aan belasting in die Republiek nie, en ook die volgende bedrae, wat geag word 'n dividend deur die bedoelde maatskappy aan bedoelde persoon verklaar te gewees het-

(a) 'n bedrag deur 'n maatskappy uitgekeer te gewees het soos in artikel 64C (3) (a), (b), (c) of (d) beoog aan bedoelde persoon of 'n inwoner wat 'n verbonde persoon met betrekking tot bedoelde persoon is in die mate wat bedoelde maatskappy 'n dividend aan bedoelde persoon kon uitgekeer het uit winste uit 'n bron buite die Republiek verkry wat nie geag word uit 'n bron binne die Republiek te wees nie, of uit winste wat geag word van 'n bron binne die Republiek te wees en wat nie onderhewig is aan belasting in die Republiek nie, en geen van die bepalings in artikel 64C (4) vervat van toepassing is nie: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n bedrag deur 'n maatskappy uitgekeer wat gelikwideer word of wie se korporatiewe bestaan finaal beëindig word, uit winste van 'n kapitale aard (behalwe winste van 'n kapitale aard verkry uit die van die hand sit deur daardie maatskappy op of na die effektiewe datum van enige belang in enige ander maatskappy met opgehoopte winste wat vir uitkering deur bedoelde ander maatskappy aan bedoelde maatskappy beskikbaar was wat nie van die bepalings van paragraaf (b) uitgesluit sou gewees het nie sou daardie bepalings van toepassing gewees het); of

(b) enige bedrag deur 'n persoon verkry uit die vandiehandsetting deur bedoelde persoon van 'n aandeel of belang in die vaste kapitaal van 'n maatskappy, in die mate wat bedoelde maatskappy of 'n filiaal van bedoelde maatskappy oor enige nie-verdeelde winste beskik wat uit 'n bron buite die Republiek verkry is wat nie geag word uit 'n bron binne die Republiek te wees nie, of uit winste wat geag word van 'n bron binne die Republiek te wees en wat nie onderhewig is aan belasting in die Republiek nie, wat direk of indirek vir uitkering aan bedoelde persoon beskikbaar was: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van die vandiehandsetting van 'n aandeel of ander belang in die vaste kapitaal van 'n maatskappy-

(i) waar bedoelde persoon op geen tydstip op of na die effektiewe datum 10 persent of meer van die totale ekwiteitsaandele-kapitaal van bedoelde maatskappy gehou het nie;

(ii) aan 'n inwoner, waar bedoelde inwoner na die vandiehand-setting vir sy eie voordeel minstens 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van bedoelde maatskappy sal hou;

(iii) waar bedoelde persoon dieselfde effektiewe belang behou in die ekwiteitsaandelekapitaal of vaste kapitaal van die maatskappy as voor die vandiehandsetting: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subparagraaf nie van toepassing is nie indien een van die hoofoogmerke van bedoelde vandie-hansetting die vermyding, uitstel of vermindering is van die aanspreeklikheid van enige belasting, reg of heffing wat, by ontstentenis van bedoelde vandiehansetting deur 'n persoon ingevolge hierdie Wet of enige ander Wet wat deur die Kommissaris geadministreer word, betaalbaar sou gewees het of geword het;

(iv) deur 'n aandeelhouer wat bedoelde aandele of belang verkry het van 'n persoon wat nie 'n inwoner is nie en wat nie 'n verbonde persoon met betrekking tot bedoelde aandeelhouer is nie, in die mate wat bedoelde onverdeelde winste verkry is voor die verkryging van die aandele deur bedoelde aandeelhouer;

(v) in die mate wat die opbrengs van die vandiehandsetting andersins ingesluit is in die belasbare inkomste van bedoelde persoon; of

(vi) waar die Kommissaris oortuig is dat die vandiehandsetting van die aandele of die nie-verklaring van dividende deur bedoelde maatskappy nie teweeggebring is nie as deel van 'n skema vir die doeleindes van vermyding van die aanspreeklikheid vir

belasting, reg of heffing met inagneming van die voorwaardes wat die Minister by regulasie voorskryf; (Danziger & Cronjé, 2002 : 91 – 92).

"effektiewe datum"

23 Februarie 2000; (Danziger & Cronjé, 2002 : 93).

"groep maatskappye"

'n beherende maatskappy en een of meer ander maatskappye wat beheerde maatskappye is met betrekking tot die ander maatskappy; (Danziger & Cronjé, 2001 : 93).

"kwalifiserende belang"

van enige persoon-

(a) enige direkte belang van minstens 10 persent deur daardie persoon gehou in die ekwiteitsaandelekapitaal van enige maatskappy; en

(b) enige direkte belang van minstens 10 persent deur enige maatskappy in paragraaf (a) bedoel, gehou in die ekwiteitsaandelekapitaal van enige ander maatskappy,

welke ander maatskappy by die toepassing van hierdie omskrywing geag word 'n maatskappy te wees in paragraaf (a) bedoel waarin daardie persoon 'n direkte belang van minstens 10 persent hou; (Danziger & Cronjé, 2002 : 93).

"proporsionele bedrag van die wins"

met betrekking tot 'n aandeelhouer, 'n bedrag wat tot die totale wins in dieselfde verhouding staan as wat daardie aandeelhouer se aandeelhouding

tot die totale aandeelhouding staan, en vir daardie doel, indien daar verskillende klasse aandele is-

(a) verwys die uitdrukking "totale aandeelhouding" slegs na die totaal van die klas aandele waarvan die bedoelde aandeelhouding deel is; en

(b) beteken die uitdrukking "totale winste" die totale winste toeskryfbaar aan bedoelde klas aandele; (Danziger & Cronjé, 2002 : 93).

"vaste kapitaal"

ook aandelekapitaal, aandelepremie en opgehoopte winste, hetsy van 'n kapitale aard al dan nie. (Danziger & Cronjé, 2002 : 93).

Artikel 9E(3)

Behoudens subartikel (7) waar 'n buitelandse dividend gedurende die jaar van aanslag ontvang is deur of toegeval het aan 'n inwoner, is die bedrag wat by die bruto inkomste van bedoelde inwoner ingesluit staan te word ingevolge paragraaf (k) van die omskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1-

(a) indien die bedoelde inwoner-

(i) vir sy eie voordeel; of

(ii) in die geval van 'n maatskappy, tesame met enige ander maatskappy in 'n groep maatskappye waarvan die bedoelde maatskappy 'n deel uitmaak, vir hul eie voordeel,

minstens 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van die maatskappy hou wat die dividend verklaar, die proporsionele bedrag van die wins waaruit die dividend uitgekeer word, voor inagneming van enige buitelandse belasting

op inkomste gehef ten opsigte van bedoelde wins en enige terughoubelasting betaal ten opsigte van bedoelde dividend: Met dien verstande dat-

(aa) tensy die inwoner op die wyse en in die vorm wat die Kommissaris voorskryf die teendeel bewys, die dividend geag word uitgekeer te gewees het uit die winste mees onlangs verkry en beskikbaar vir verdeling; en

(bb) waar bedoelde maatskappy sy winste verkry het by wyse van dividende ontvang of toegeval en by wyse van ander bronne van winste, word die dividend geag verklaar te gewees het op 'n porporsionele basis uit bedoelde dividende en ander bronne van winste; of

(b) indien bedoelde inwoner-

(i) nie vir sy eie voordeel; of

(ii) in die geval van 'n maatskappy, tesame met enige ander maatskappy in 'n groep maatskappye waarvan bedoelde maatskappy 'n deel uitmaak, nie vir hul voordeel;

minstens 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van die maatskappy wat die dividend verklaar hou nie, die proporsionele bedrag van die wins waaruit die dividend uitgekeer word, voor inagneming van enige terughoubelasting betaal ten opsigte van bedoelde dividend (Danziger & Cronjé, 2002 : 93 – 94);

Artikel 9E(4)

By die vasstelling van die proporsionele bedrag van die wins wat ingevolge subartikel 3(a) by die inkomste van die inwoner ingesluit staan te word, word in ag geneem enige winste deur enige ander maatskappy verkry waarin die maatskappy wat die dividend verklaar 'n belang hou en wat aan bedoelde

maatskappy in die vorm van dividende uitgekeer is, indien die inwoner 'n kwalifiserende belang het in bedoelde ander maatskappy: Met dien verstande dat-

(a) tensy die inwoner op die wyse en in die vorm wat die Kommissaris voorskryf die teendeel bewys, die dividend geag uitgekeer te gewees het deur bedoelde ander maatskappy uit winste mees onlangs verkry en beskikbaar vir uitkering; en

(b) waar bedoelde ander maatskappy sy winste verkry by wyse van dividende ontvang of toegeval aan bedoelde maatskappy en by wyse van ander bronne van winste, word die dividend geag deur bedoelde ander maatskappy verklaar te wees op 'n proporsionele grondslag uit bedoelde dividende en ander bronne van winste (Danziger & Cronjé, 2002 : 94).

Artikel 9E(5)

By die toepassing van artikel 9E(3)(b), waar-

(a) 'n dividend deur 'n maatskappy verklaar word aan 'n effektegroep in paragraaf (e)(i) van die omskrywing van "maatskappy" in artikel 1 bedoel; en

(b) bedoelde dividend deur bedoelde effektegroep verklaar is by wyse van 'n dividend, of 'n gedeelte van 'n dividend, aan persone wat op bedoelde dividend geregtig geword het op grond van hul registrasie as houers van onderaandele in bedoelde effektegroep,

word bedoelde dividend in paragraaf (a) beoog, geag deur bedoelde maatskappy verklaar te gewees het direk aan bedoelde houers van onderaandele (Danziger & Cronjé, 2002: 94).

Artikel 9E(5A)

Ondanks die bepalings van artikels 11(a) en 23(g)-

(a) word daar van die inkomste van 'n inwoner gedurende 'n jaar van aanslag by wyse van belasbare dividende verkry, 'n aftrekking toegelaat van 'n bedrag van enige rente werklik aangegaan in die voortbrenging van inkomste in die vorm van buitelandse dividende: Met dien verstande dat daardie aftrekking beperk word tot die bedrag van buitelandse dividende wat in die bruto inkomste van daardie inwoner gedurende die jaar ingesluit is; en

(b) enige bedrag waarby bedoelde rente die bedrag van bedoelde buitelandse dividende te bowe gaan, word verminder met die bedrag van enige buitelandse dividende wat gedurende daardie jaar van aanslag deur daardie inwoner ontvang is, of wat aan daardie inwoner toeval, wat nie in die belasbare inkomste van daardie inwoner ingesluit is nie, en word die balans-

(i) oorgedra na die onmiddellike daaropvolgende jaar van aanslag; en

(ii) geag 'n bedrag te wees wat werklik deur daardie inwoner in daardie daaropvolgende jaar van aanslag aangegaan is in die voortbrenging van inkomste in die vorm van buitelandse dividende (Danziger & Cronjé, 2002 : 94 – 95).

Artikel 9E(6)

'n Inwoner wat 'n buitelandse dividend ontvang of aan wie 'n buitelandse dividend toeval, kan, ondanks die bepalings van subartikel(3), ten opsigte van enige jaar van aanslag kies dat die bedrag van bedoelde dividend wat by die bruto inkomste van bedoelde inwoner ingesluit staan te word-

(a) indien bedoelde inwoner-

(i) vir sy eie voordeel; of

(iii) in die geval van 'n maatskappy, tesame met ander maatskappye in 'n groep maatskappye waarvan bedoelde maatskappy 'n deel uitmaak, vir hul eie voordeel,

minstens 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van die maatskappy wat bedoelde dividend verklaar, hou, die bedrag van die winste waaruit bedoelde dividend verklaar is na inagneming van enige buitelandse belasting op inkomste gehef ten opsigte van bedoelde winste en enige terughoubelasting betaal ten opsigte van bedoelde dividend, moet wees; of

(b) indien bedoelde inwoner –

(i) nie vir sy eie voordeel; of

(ii) in die geval van 'n maatskappy, tesame met enige ander maatskappy in 'n groep maatskappye waarvan bedoelde maatskappy 'n deel uitmaak, nie vir hul eie voordeel,

minstens 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van die maatskappy wat bedoelde dividend verklaar, hou nie, die bedrag van bedoelde dividend na inagneming van enige terughoubelasting betaal ten opsigte van bedoelde dividend, moet wees, en bedoelde keuse is van toepassing ten opsigte van alle buitelandse dividende ontvang deur of toegeval aan bedoelde inwoner gedurende die jaar van aanslag ten opsigte waarvan die keuse uitgeoefen is (Danziger & Cronjé, 2001 : 94 – 95).

Artikel 9E(7)

Daar word van belasting vrygestel enige buitelandse dividend verklaar of geag verklaar te gewees het deur-

(c) 'n maatskappy genoteer op 'n aandelebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet no.1 van 1985), aan 'n inwoner wat, tesame met enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde inwoner, nie minstens 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van bedoelde maatskappy hou nie, indien meer as 10 persent van die ekwiteitsaandelekapitaal van bedoelde maatskappy op die tydstip van die verklaring van bedoelde dividend gesamentlik deur inwoners gehou word: Met dien verstande dat waar bedoelde maatskappy nie op die effektiewe datum op bedoelde aandelebeurs genoteer was nie, die vrystelling slegs van toepassing is by goedkeuring deur die Kommissaris, welke goedkeuring die Kommissaris kan toestaan op aansoek deur bedoelde maatskappy, met inagneming van-

(i) die feit of die winste van bedoelde maatskappy in 'n aangewese land gegenereer is al dan nie; en

(iii) die belastingkoers waarteen die winste waaruit die dividend verklaar is, belas is of sal word;

(d) 'n maatskappy, wat direk of indirek aan 'n inwoner uitgekeer word wat 'n kwalifiserende belang in die maatskappy hou, in die mate wat die winste waaruit die dividend verklaar word-

(i) in 'n aangewese land gegenereer is; en

(ii) aan belasting onderhewig is of sal word teen 'n koers van minstens 27 persent sonder enige reg van verhaal deur 'n persoon (behalwe die reg van verhaal ingevolge 'n reg om

verliese wat gedurende die jaar van aanslag ontstaan na 'n jaar van aanslag wat bedoelde jaar van aanslag voorafgaan, terug te dra); of

(e) 'n maatskappy in die mate wat die winste waaruit die dividend uitgekeer is-

(i) betrekking het op enige beleggingsinkomste wat by die inkomste van die aandeelhouer van bedoelde maatskappy ingevolge artikel 9D ingesluit is of staan te word; of

(ii) by die belasbare inkomste van bedoelde maatskappy ingevolge hierdie Wet ingesluit is of sal word; of

(iii) andersins by die belasbare inkomste van die aandeelhouer ingevolge paragraaf (a) van die omskrywing van "buitelandse dividend" ingesluit is (Danziger & Cronjé, 2001 : 95 – 96).

Artikel 9E(8)

Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* lande aanwys wat-

(b) 'n belasting op inkomste het wat vasgestel word op 'n grondslag wat wesenlik dieselfde is as dié van die Republiek;

(c) 'n statutêre koers van belasting op inkomste van maatskappye van minstens 27 persent het sonder die reg van verhaal van daardie belasting deur 'n persoon (behalwe die reg van verhaal ingevolge 'n reg om verliese wat gedurende enige jaar van aanslag ontstaan na 'n jaar van aanslag wat bedoelde jaar van aanslag voorafgaan, terug te dra); en

(d) aan enige ander vereiste wat die Minister by regulasie kan voorskryf, voldoen (Danziger & Cronjé, 2002 : 97).

Artikel 9E(8A)

Die Minister kan by kennisgewing in die *Staaskoerant* tot die mate wat hy nodig ag in nasionale belang en behoudens die voorwaardes wat hy mag oplê, vrystelling verleen van die toepassing van hierdie artikel ten opisigte van enige dividend ontvang deur of toegeval aan 'n inwoner, wat na die Republiek oorgeplaas is, in die mate wat daardie dividend verklaar is uit winste verkry uit enige projek deur die Minister goedgekeur, met inagneming van-

(a) die ekonomiese voordele van daardie projek vir die Republiek;

(b) die mate wat goed en dienste ten opsigte van die projek uit die Republiek verskaf sal word;

(c) die potensiële effek wat die projek op die Suid-Afrikaanse belastingbasis mag hê;

(d) ander bystand deur die Staat of 'n Staatsorgaan toegestaan ten opsigte van daardie projek; en

(e) die ander criteria wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* kan voorskryf.

Artikel 9E(8B)

Die Minister kan enige verlening van vrystelling ingevolge artikel 9E(8A) terugtrek, waar hy tevrede is dat enige voorwaarde in daardie subartikel opgelê nie nagekom is nie 9 (Danziger & Cronjé, 2002 : 97).

Bylae B

Figuur B.1 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE TOEPASSING VAN ARTIKEL 9E(4)

'n Inwoner van Suid-Afrika sal dus, vir die doeleindes van artikel 9E(4) 'n kwalifiserende belang van minstens 10 persent in maatskappy A besit, en aangesien maatskappy A op sy beurt weer 'n kwalifiserende belang in maatskappy B het, sal die inwoner ook 'n kwalifiserende belang (van minstens 1 persent) in maatskappy B besit. Wanneer maatskappy B dus 'n buitelandse dividend verklaar aan maatskappy A en maatskappy A verklaar 'n dividend aan die inwoner, moet die opgeskaalde proporsionele gedeelte van die dividende (of die onderliggende wins) verklaar deur maatskappye A én B in die inkomste van die inwoner ingesluit word. Die aandeelhouer (inwoner) sal dus ingevolge hierdie artikel op die opgeskaalde dividend (onderliggende wins) van beide Maatskappy A en B belas word, aangesien hy 'n kwalifiserende belang in beide maatskappye besit. Die bedrag ingesluit by bruto inkomste sal proporsioneel bepaal word volgens die persentasie belang van die aandeelhouer in maatskappy A (10 persent) en in maatskappy B (1 persent). Die opgeskaalde dividend (onderliggende wins) ingesluit in die inkomste van die inwoner sal dus in die geval van maatskappy A en B die dividend na terugtelling van terughoubelasting en buitelandse maatskappybelasting wees.

Bylae C

VOORBEELD TER ILLUSTRASIE VAN DIE TOEPASSING - ARTIKEL 9E

'n Suid-Afrikaanse inwoner maatskappy besit al die aandele in 'n buitelandse maatskappy in Switserland. Die Switserse maatskappy het die volgende belange in 5 maatskappye, soos :

- 100% in maatskappy A geregistreer in Namibië, waar die statutêre korporatiewe belastingkoers 35 persent is;
- 100% in maatskappy B geregistreer in Switserland, waar die statutêre korporatiewe belastingkoers minder as 27 persent is;
- 50% in maatskappy C geregistreer in Australië, waar die statutêre korporatiewe belastingkoers 36 persent is;
- 50% in maatskappy D geregistreer in die Bahamas, waar die statutêre korporatiewe belastingkoers minder as 27 persent is;
- 5% in maatskappy E geregistreer in Israel, waar die statutêre korporatiewe belastingkoers minder as 27 persent is.

Die winste van die Switserse maatskappy wat vir verdeling beskikbaar is tydens die finansiële jaar 31 Desember 2002 bestaan uit dividende ontvang soos hieronder uiteengesit. Die bedrae getoon vir maatskappye A, B, C, D en E verteenwoordig die effektiewe belang. Alle bedrae is reeds omgeskakel in Rand.

Tabel C.1

Maatskappy	A	B	C	D	E	Switserse maatskappy
% aandeelhouding	100	100	50	50	5	
Netto wins voor belasting	105 000	250 000	200 000	350 000	150 000	840 000
Belasting	35 000	40 000	40 000	0	50 000	60 000
Netto wins na belasting	70 000	210 000	160 000	350 000	100 000	780 000
Dividend	70 000	210 000	160 000	350 000	100 000	390 000*
Terughoubelasting	0	0	20 000	0	30 000	30 000
Netto dividend	70 000	210 000	140 000	350 000	70 000	360 000

* Die Switserse maatskappy verklaar slegs 50 persent (390 000 van 780 000 as dividend.

(Vir die doeleindes van hierdie voorbeeld word artikel 9D ignoreer.)

Bron : Silke, 2000 : 57 – 59 (aangepas)

Bylae C (vervolg)

OPLOSSING VAN VOORBEELD TER ILLUSTRASIE VAN TOEPASSING VAN ARTIKEL 9E

Tabel C.2

Inwoner se belasbare inkomste	Redes	Belasbare dividend (R)	Vrygestelde dividend (R)***
Maatskappy A	Kwalfiserende belang, aangewese land, belastingkoers > 27 persent, dus artikel 9E(7)(d)	0	35 000
Maatskappy B	Kwalifiserende belang, nie-aangewese land, dus artikels 9E(3) en 9E(4)	125 000*	0
Maatskappy C	Kwalifiserende belang, aangewese land, belastingkoers > 27 persent, dus artikel 9E(7)(d)	0	70 000
Maatskappy D	Kwalifiserende belang, nie aangewese land, dus artikels 9E(3) en 9E(4)	175 000*	0
Maatskappy E	Nie-kwalifiserende belang, dus artikels 9E(3) en 9E(4)	50 000**	0
Totale belasbare dividend		**350 000**	**0**
Totale vrygestelde dividend		**0**	**105 000**

***belasbare dividende word bereken soos volg :**

[netto dividend van maatskappy (byvoorbeeld maatskappy B) + terughoubelasting + maatskappybelasting] x 50 persent****

****belasbare dividende word bereken soos volg :**

[netto dividend van maatskappy (byvoorbeeld maatskappy E) + terughoubelasting] x 50 persent****

*****vrygestelde dividende word soos volg bereken :**

netto dividend x 50 persent****

******50 persent verteenwoordig die mate waartoe dividende verklaar is deur die Switserse maatskappy uit netto wins na normale belasting**

<u>Bron :</u> Silke, 2000 : 57 – 59 (aangepas)

Bylae D

VRAELYS UITGEREIK AAN EN VOLTOOI DEUR ALAN SECCOMBE VIA ELEKTRONIESE MEDIA

1. In your opinion, to what extent has the introduction of section 9E in the Income Tax Act influenced the investment decisions of South African investors?

2. Is more intensive tax planning necessary? And can this be successfully achieved?

3. To what extent has the introduction of section 9E in the Income Tax Act influenced investment by South African residents, specifically in tax havens?

4. In your opinion, has the introduction of section 9E had adverse effects on prospective migrants to South Africa?

5. According to discussions PwC's David Lermer and Osman Mollagee had with the Parliamentary Monitoring Group (JJ Louw) at the time that the introduction of section 9E was proposed, it was suggested that from a cross-section of PwC clients it is estimated that and economically active expatriate could inject R2m into the South African economy per annum. Have you found that these expatriates have reduced / removed their involvement in the South African economy as a result of section 9E?

6. In your opinion, does the physical presence requirements of the definition of "resident" adversely affect non-residents who might be seconded to South Africa for a period of time, with specific reference to foreign dividend income?

7. In your opinion, is the South African Revenue Services dependent on taxpayers to declare foreign dividend income?

8. If not, how is the South African Revenue Services notified of such income (ie. IT3)?

Vogel, K 1991 : **Klaus Vogel on Double Taxation Conventions.** Kluwer Law and Taxation Publishers, Deventer, The Netherlands.

INTERNASIONALE HOFBESLISSINGS

R v Barnet Borough Council : Ex parte Shah and Other Appeals 1982 (1 All ER 398(CA))